


**Word #SkermSlim**

'n Gids vir ouers, onderwysers en leerders deur AfriForum se teenboelieveldtogafdeling en privaatvervolgingseenheid, Solidariteit Helpende Hand, SECI (SAPD), die Universiteit van Johannesburg en Unisa


## SKRYWERS


Deel 1: Leandie Bräsler (AfriForum), met hulp deur SECI

Deel 2: Adv. Phyllis Vorster (AfriForum se privaatvervolgingseenheid)

Deel 3: Yolandi Singleton (Ons Sentrum, Solidariteit Helpende Hand)

Deel 4: Prof. Basie von Solms (Universiteit van Johannesburg) en prof. Elmarie Kritzinger (Universiteit van Suid-Afrika)

## INHOUDSOPGAWE


**VOORWOORD** ..... 5
**DEEL 1: KUBERBOELIERY IN SKOLE** ..... 6
1.1 'N DEFINISIE VAN KUBERBOELIERY ..... 6
1.2 WAAR VIND KUBERBOELIERY PLAAS? ..... 7
1.3 STATISTIEKE OOR KUBERBOELIERY IN SUID-AFRIKA ..... 7
1.4 TEKENS DAT JOU KIND 'N SLAGOFFER VAN KUBERBOELIERY IS ..... 7
1.5 TEKENS DAT JOU KIND 'N KUBERBOELIE IS ..... 7
1.6 HOE KAN JY AS OUER PROAKTIEF OPTREE OM VIR JOU KIND SEKERE VAARDIGHEDE EN STRATEGIEË TE LEER WAT BOELIERY EN BOELIERY IN DIE KUBERRUIM BETREF? ..... 8
1.7 BEKOMMERNISSE WAT MET KUBERBOELIERY GEPAARD GAAN ..... 8
1.8 DIGITALE BEWUSMAKING VIR OUERS ..... 9
1.9 SOSIALEMEDIA- EN TOEPGEBRUIK ONDER KINDERS ..... 9
1.9.1 GEWILDE TOEPS EN SOSIALEMEDIAPLATFORMS WAT DEUR KINDERS GEBRUIK WORD ..... 9
1.10 ANDER BELANGRIKE KUBERVERSKYNSELS WAARVAN OUERS EN ONDERWYSERS BEWUS MOET WEES ..... 17
1.10.1 WAT IS SEKSSKRYWERY EN WAT MOET OUERS WEET? ..... 17
1.10.2 KINDERPORNOGRAFIE ..... 17
1.10.3 ANIME-STROKIESPRENTE WAT KINDERS OP SEKSUELE WYSE VOORSTEL ..... 18
1.11 DIE RISIKO'S VAN SOSIALEMEDIAPLATFORMS EN TOEPS ..... 18
1.12 KUBERBOELIETAKTIEKE ..... 18
1.13 HOE OM KUBERBOELIERY TE VOORKOM ..... 19
1.13.1 WAARSKUWINGSTEKENS WAT BY 'N KIND VOORKOM WAT ONDER KUBERBOELIERY GEBUK GAAN OF WAT SELF DIE KUBERBOELIE IS ..... 19
1.13.2 WAT MOET JY DOEN WANNEER KUBERBOELIERY PLAASVIND? ..... 19
1.13.3 WENKE VIR OUERS ..... 20
**DEEL 2: WAT SÊ DIE WET?** ..... 22
2.1 INLEIDING ..... 22
2.2 DIE REGTE VAN OPVOEDERS ..... 22
2.3 OPTREDE DEUR LEERDERS ..... 23
2.4 SOSIALE MEDIA EN DIE WET ..... 23
2.4.1 DIE WET OP KUBERMISDADE 19 VAN 2020 ..... 23
2.4.2 DIE WET OP FILMS EN PUBLIKASIES 65 VAN 1996 ..... 24
2.5 HULPMIDDELS VIR OPVOEDERS ..... 24
**DEEL 3: RAAD AAN OUERS EN ONDERWYSERS** ..... 25
3.1 WEES 'N VOORBEELD ..... 25
3.2 KOMMUNIKASIE ..... 25
3.3 BEPALINGS, VOORWAARDES EN VERANTWOORDELIKHEDE ..... 26
3.4 GEDRAG OP SOSIALE MEDIA ..... 26
3.5 IMPAK VAN DIE GEBRUIK VAN DIGITALE TOESTELLE OP DIE ENKELING EN GESIN ..... 27
3.6 WAT DOEN EK AS KINDERS HUL SKULDIG MAAK AAN PORNOGRAFIE? ..... 27
3.6.1 OUERS EN ONDERWYSERS ..... 27
3.7 WAT DOEN EK AS EK UITVIND VAN OF OP 'N KIND AFKOM WAT PORNOGRAFIE KYK, VERVAARDIG, BESIT OF VERSPREI? ..... 28
3.7.1 OUERS ..... 28
3.7.2 ONDERWYSERS/SKOOLSTELSEL ..... 28
3.8 MOONTLIKE TEKENS VAN BLOOTSTELLING AAN PORNOGRAFIE ..... 29
**DEEL 4: DIE KUBERRUIMTE EN KUBERVEILIGHEID** ..... 30
4.1 PASOP VIR DIE GEVOLGE VAN KUBERBOELIERY! ..... 30
4.2 ONS DIGITALE LEWE – DIE KUBERRUIMTE ..... 30
4.3 VIR LEERDERS ..... 30
4.4 AKTIWITEIT ..... 32

# VOORWOORD

Tegnologie ontwikkel daagliks. Dieselfde kan gesê word van kinders se vermoë om te boelie. Boeliery wat eens net op die skoolterrein of op die skoolbus plaasgevind het, het nou uitgekring na boeliery deur tegnologie en sosiale media. Dit staan bekend as kuberboeliery. Kinders se behoefte om met hul maats te kommunikeer, is nog steeds dieselfde, maar die maniere hoe hulle kies om met mekaar te kommunikeer het geweldig verander. Kinders vra reeds van 'n jong ouderdom af vir elektroniese toestelle soos selfone, tablette of speletjies. Dit bly egter nie net daar nie, want hulle wil ook toegang hê tot sekere sosialemediaplatforms om aanlyn speletjies te speel en om persoonlike inligting te deel. Daar is soveel voordele wat die internet en sosiale media vir ons inhou, maar daar is ook soveel nadele en gevare – veral as dit kom by ons kinders en hul veiligheid.
Wanneer aanlyn boeliery gebeur, kan dit vir jou kind voel asof hy/sy van alle kante af aangeval word. Dit kan langtermyngevolge in drie areas veroorsaak:

» geestelik (ontsteld; verleë; bang; kwaad; trauma)
» emosioneel (skaam; verloor belangstelling in dinge waarvan jy hou)
» fisiek (moegheid; ervaar simptome soos maagpyn en hoofpyn)

Die doel van hierdie gids is om ouers en onderwysers met die nodige kennis en vaardighede te bemagtig om kuberboeliery hok te slaan, asook om hulle meer bewus te maak van die gevare wat tegnologie soos sosiale media en die internet vir kinders inhou. Die gids bestaan uit vier dele wat op verskeie aspekte van kuberboeliery fokus:

» Deel 1 bied 'n wye bespreking van wat kuberboeliery, kinderpornografie en seksskrywery (Engels: *sexting*) is. Dit lig ouers en onderwysers in oor die gevare van die internet en sosialemediaplatforms. Ouers en onderwysers word ook gewys hoe om proaktief op te tree wanneer hul uitvind dat kinders onder kuberboeliery gebuk gaan, en wat om te doen om kuberboeliery oor die algemeen te voorkom. Hierdie gedeelte bevat ook 'n tabel met verskeie slimfoontoeps wat tans onder kinders gewild is, en vertel hoe dit werk en watter gevare elke toep vir kinders inhou. Ons moedig ouers aan om hulself goed van hierdie toeps te vergewis, asook hoe dit werk sodat hulle hul kind beter kan beskerm. Daar word ook verduidelik watter toeps ouers kan aflaai om hul kinders sover moontlik teen kuberboelies, kinderpornografie en seksskrywery te beskerm.

» Deel 2 verduidelik die wetlike aspekte van kuberboeliery aan ouers en onderwysers. Daar word spesifiek op twee wette gefokus, nl. die Wet op Kubermisdaad 19 van 2020 en die Wet op Films en Publikasies 65 van 1996. Dit is belangrik dat ouers en opvoeders hulself met hierdie wette vergewis sodat kuberboeliery en enige vorm van seksskrywery en kinderpornografie stopgesit kan word. Kinders moet ook besef dat daar gevolge is as hulle hulself aan hierdie gedrag skuldig maak.

» Deel 3 van die gids leer ouers en onderwysers hoe om situasies te hanteer wanneer 'n kind met die nadele van sosiale media gekonfronteer word, soos kuberboelies, kinderpornografie en seksskrywery. Ouers en onderwysers kry advies oor wat om te doen wanneer dit voorkom of kinders moontlik met een van die bostaande interneteuwels te doen gehad het of steeds daarby betrokke is.

» Deel 4 handel oor die kuberruim en kubersekuriteit. Dié gedeelte is spesifiek op leerders gemik en fokus op die digitale voetspoor, kuberrisiko's en -bedreigings, en aanlyn privaatheid. Daar is ook 'n aktiwiteit wat leerders kan voltooi.

Besoek gerus **www.teenboelie.co.za** vir meer inligting oor AfriForum se teenboelieveldtog.

**Leandie Bräsler**
Bestuurder vir Jeugleierskap – AfriForum
**leandie.brasler@afriforum.co.za**



# DEEL 1: KUBERBOELIERY IN SKOLE

*Deur Leandie Bräsler*

Boeliery (ook afknouery) is skadelike of aggressiewe gedrag wat op 'n aanhoudende en deurlopende wyse plaasvind en spesifiek gerig word op 'n leerder met minder gesag en selfvertroue as die aanvaller (die boelie). Olweus identifiseer drie kenmerke van boeliery:[1]

- aggressiewe aksies met die bedoeling om ander kinders seer te maak
- 'n herhaling van hierdie aksies oor 'n tydperk
- 'n wanbalans in mag wat slagoffers hulpeloos laat sodat hulle nie hulself doeltreffend teen die aggressiewe gedrag kan verdedig nie

Boeliery (afknouery) kan verskeie vorme aanneem:

**BOELIERY**

- **FISIES** (skop of slaan)
- **VERBAAL** (gebruik spotname, dryf die spot, dreigemente)
- **EMOSIONEEL** (sosiale uitsluiting, intimidasie deur gebare of dreigemente)
- **SEKSUEEL** (onvanpaste inhoud op selfone of die internet, verkragtig en molestering)
- **KUBERBOELIERY** (boeliery op die internet of sosialemediaplatforms)

*Figuur 1: Vorme wat boeliery aanneem*

## 1.1 'N DEFINISIE VAN KUBERBOELIERY

Kuberboeliery kan gesien word as die opsetlike en aggressiewe gedrag wat deur 'n enkeling of 'n groep uitgevoer word deur gebruik te maak van elektroniese toestelle as kommunikasiemiddel. Hierdie tipe gedrag vind ook aanhoudend en deurlopend plaas en is gerig op slagoffers met minder gesag of wat nie hulself maklik kan verdedig nie.[2] Kuberboeliery is boeliery wat op digitale toestelle, soos rekenaars, tablette en selfone, plaasvind. Hierdie tipe gedrag vind deur teksboodskappe, SMS'e en toeps of aanlyn plaas deur middel van aanlyn speletjies of sosialemediaplatforms waar ander mense na dié inhoud kan kyk, aan gesprekke kan deelneem of dit met ander kan deel.[3]

Wanneer daar na *kuberboeliery* as sambreelterm gekyk word, kan al die ander vorme van boeliery, soos hierbo genoem, ook onder die kuberboelierysambreel val. Dié sambreel word in figuur 2 uitgebeeld:

**KUBERBOELIERY**

- **FISIES** (Kinders se fisiese identiteit word beskadig. Indien kinders te veel van hul persoonlike inligting op die internet deel, stel hulle moontlik hulself in gevaar – kinderpornografie en mensehandel is 'n nare werklikheid.)
- **VERBAAL** (Kinders word name genoem, met die spot gedryf of gedreig – alles vind egter aanlyn plaas.)
- **EMOSIONEEL** (Dit sluit in sosiale uitsluiting soos op WhatsApp-groepe, intimidasie d.m.v. dreigboodskappe, wat tot angs, depressie of selfdoodgedagtes kan lei.)
- **SEKSUEEL** (Dit is onvanpaste of seksueel eksplisiete inhoud op selfone of op die internet, verkragtig en molestering. Dit gebeur as kinders foto's of video's stuur van wat hulle nie moes nie.)

*Figuur 2: Die verskillende vorme van kuberboeliery*

---

1 Olweus, D.A. 2010. Bullying in schools: fact and intervention. In *Kriminalistik* 64(6), bl. 1–29. Beskikbaar by https://www.researchgate.net/publication/228654357_Bullying_in_schools_facts_and_intervention. Geraadpleeg op 4 Mei 2023.

2 Menesini, E. & Nocentini, A. 2009. Cuberbullying: Definition and measurement: Some critical considerations. In *Journal of Psychology* 217(4), bl. 230–232. Beskikbaar by https://www.researchgate.net/publication/238307912_Cyberbullying_Definition_and_Measurement_Some_Critical_Considerations . Geraadpleeg op 26 April 2023.

3 StopBullying.gov. 2023. *How to prevent cyberbullying: A guide for parents, caregivers, and youth.* Beskikbaar by https://www.stopbullying.gov/sites/default/files/documents/Cyberbullying%20Guide%20Final%20508.pdf. Geraadpleeg op 28 Maart 2023.

## 1.2 WAAR VIND KUBERBOELIERY PLAAS?

Kuberboeliery vind nie soos tradisionele afknouery plaas nie, want dit vind nie slegs by die skool of op die skoolbus plaas nie.[4] Dit vind op 'n verskeidenheid van plekke in die kuberruim plaas, waarvan die algemeenste plekke kuberboeliery insluit:[5]

» aanlyn platforms, boodskapborde en kletskamers (soos WhatsApp-groepe)
» teksboodskappe en boodskappe op toeps wat op selfone of tablette gebruik word
» aanlyn speletjies- en gemeenskappe
» sosialemediaplatforms soos Instagram, Facebook, TikTok en Snapchat
» e-posse
» direkte boodskappe, blitsboodskappe en aanlyn kletsgroepe op die internet

## 1.3 STATISTIEKE OOR KUBERBOELIERY IN SUID-AFRIKA

» Wêreldwyd lê Suid-Afrika vierde hoogste wat kuberboeliery betref.[6]

» Volgens 'n 2018-studie deur die bemarkingsgroep Ipsos weet meer as die helfte (54%) van Suid-Afrikaanse ouers dat hul kinders of kinders in hul gemeenskap slagoffers van kuberboeliery is.[7] Dit is slegs statistiek van ouers wat weet – dit kan baie hoër wees, omdat ouers nie noodwendig weet dat hul kind 'n slagoffer van boeliery is nie.

» Dit beteken dat kinders nie meer hul boelie by die skool kan los wanneer hulle huis toe gaan nie. Deesdae gaan die boelie saam met hulle huis toe by wyse van 'n selfoon, rekenaar of selfs aanlyn speletjies. Boeliery is konstant en aanhoudend.

## 1.4 TEKENS DAT JOU KIND 'N SLAGOFFER VAN KUBERBOELIERY IS

» Gedragsveranderinge vind plaas. Kinders wat in die verlede meer sosiaal interaktief was, is nou meer depressief of angstig, en sluit hulself van enige sosiale geleentheid met vriende of familie af.

» Hulle begin hul selfone wegsteek of die wagwoorde van hul sosialemediarekeninge verander sodat ouers nie meer toegang daartoe het nie.

» Hulle punte daal en hulle presteer akademies nie meer soos voorheen nie.

» Hulle lyk angstig of bang wanneer hulle boodskappe ontvang.

» Hulle begin enige vorm van sosiale interaksie vermy.[8]

## 1.5 TEKENS DAT JOU KIND 'N KUBERBOELIE IS[9]

» Kinders tree geheimsinnig op.
» Hulle het meer as een e-pos- of sosialemediaplatformrekening.
» Hulle kla oor onlangse slagoffers van kuberboeliery.
» Hulle baklei met vriende.
» Hulle gee toe aan groepsdruk en word deel van die kuberboeliesirkel.
» Hulle tree aggressief op as jy hulle uitvra oor die gebruik van sosiale media en kuberboeliery.
» Hulle tree oor die algemeen aggressief op.

---

4 End Cyberbullying Organisation. 2022. *Where does cyberbullying commonly occur?* Beskikbaar by https://endcyberbullying.org/where-does-cyberbullying-commonly-occur/. Geraadpleeg op 24 Maart 2023.

5 Crocker, L.J. 2018. *Where does cyberbullying happen?* Beskikbaar by https://learnsafe.com/where-does-cyberbullying-happen/. Geraadpleeg op 27 Maart 2023.

6 Foxcroft, M. 2020. *Wingu Academy: The devastating effects of cyberbullying in South Africa*. Beskikbaar by https://wingu-academy.com/the-devastating-effects-of-cyberbullying-in-south-africa/. Geraadpleeg op 25 Maart 2023.

7 Ipsos. 2018. *Global views on cyberbullying.* Beskikbaar by https://www.ipsos.com/en/global-views-cyberbullying. Geraadpleeg op 28 Februarie 2023.

8 Reach Out. 2023. *Cyberbullying and teenagers.* Beskikbaar by https://parents.au.reachout.com/common-concerns/everyday-issues/cyberbullying-and-teenagers. Geraadpleeg op 5 April 2023.

9 The Cybersmile Foundation. 2022. *Is my child a cyberbully?* Beskikbaar by https://www.cybersmile.org/advice-help/category/is-my-child-a-cyberbully. Geraadpleeg op 24 Maart 2023.

## 1.6 HOE KAN JY AS OUER PROAKTIEF OPTREE OM VIR JOU KIND SEKERE VAARDIGHEDE EN STRATEGIEË TE LEER WAT BOELIERY EN BOELIERY IN DIE KUBERRUIM BETREF?

- **Wakker openlikheid en eerlikheid aan.** Moedig jou kind aan om met jou of 'n onderwyser te praat indien hulle bang voel, sodat hulle hulp en perspektief oor die ander persoon se gedrag kan kry om boeliery sodoende hok te slaan. Kinders kan maklik emosioneel vasgevang voel en daarom is dit vir hulle nodig om met 'n volwassene te gesels wat hulle vertrou.
- **Ontwikkel sosiale en emosionele vaardighede.** Wanneer hierdie tipe vaardighede aangeleer en ontwikkel word, kan kinders boeliery makliker hanteer. Dit is belangrik om empatie by kinders te leer, want volgens Carolyn Zahn-Waxler, 'n navorsingswetenskaplike in sielkunde en psigiatrie aan die Universiteit van Wisconsin, is empatie 'n vaardigheid wat aangeleer en ontwikkel kan word, selfs van 'n baie jong ouderdom af. Dit bevorder emosionele welstand, help kinders om probleme op te los, om konflik te hanteer en om verhoudings te bevorder. Aktiwiteite wat jou kind kan help om empatie aan te leer, is beskikbaar in AfriForum se teenboeliegids by **https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2021/09/Teenboeliegids.pdf**.
- **Maak jouself los van die boelievoorval.** Bemagtig jou kind deur vir hulle sterk maar vriendelike frases te gee vir wanneer hulle geboelie word. Hulle kan ook humor gebruik om uit 'n gespanne situasie los te breek. Dit sal hulle ook selfvertroue gee. 'n Ander opsie is om die boelie te ignoreer. Hulle kan ook eenvoudige taal gebruik deur byvoorbeeld vir die boelie te sê: "Dit is nou genoeg! Hou asseblief op!" Onthou om vir hulle te sê dat hulle oogkontak moet behou en dat hulle met selfvertroue moet optree. Indien moontlik, kan hulle van die situasie wegloop en die boelie ignoreer om 'n rusie te vermy.
- **Weet waarheen om te gaan.** Help kinders om 'n spesifieke persoon of plek te identifiseer waarheen hulle kan gaan as hulle bang voel, soos bv. die skoolkantoor, 'n onderwyser of die skool se sielkundige of berader.[10] Dit moet 'n volwassene wees wat hulle vertrou. Jou kind moet weet dat dit belangrik is om vir iemand daarvan te vertel, want dit beteken dat hulle vir hulself opstaan.
- **Blok die boelie.** Leer jou kinders om die boelie te blok wanneer hulle gemene boodskappe ontvang.
- **Moenie reageer nie.** Wanneer kinders kwaad is of deur boelieboodskappe seergemaak is, is dit maklik om in die oomblik te reageer en dan iets te sê of te doen waaroor hulle later mag spyt wees. Kuberboelies wil 'n reaksie uitlok, so moenie vir hulle wys dat hulle planne gewerk het nie.
- **Hou die bewyse.** Wanneer die teistering voortgaan, kan jou kind skermskote van die boodskappe neem, dit stoor of dit op papier laat druk. Dit is belangrik om rekord van dié bewyse te hou as die boeliery voortgaan.[11]

Meer inligting word breedvoerig in deel 3 van dié gids bespreek.

## 1.7 BEKOMMERNISSE WAT MET KUBERBOELIERY GEPAARD GAAN

Deur van digitale platforms of sosiale media gebruik te maak, kan foto's, inhoud, kommentaar en plasings deur vriende en kennisse gesien word – maar ook deur vreemdelinge. 'n Tipe permanente openbare rekord, ook genoem 'n digitale voetspoor, van 'n persoon se gedrag, aktiwiteite en sieninge kan gevorm word deur die tipe inhoud wat dié persoon aanlyn deel, of dit nou persoonlike inligting of gemene, negatiewe inligting wat 'n ander persoon kan seermaak is. Hierdie digitale voetspoor vorm die lens waardeer iemand na jou as mens kyk, of na jou kind – dit word jou of jou kind se aanlyn reputasie. Ons sal in deel 4 van die gids meer uitbrei oor wat 'n digitale voetspoor alles behels. Sodra iets aanlyn is, beteken dit dat enigiemand dit kan sien en kinders se reputasie kan deur hul skool, toekomstige werkgewer, universiteite en kolleges, asook klubs gesien word indien iemand meer inligting van hulle soek, sowel nou as in die toekoms. Kuberboeliery kan die aanlyn reputasie skade berokken van enigiemand wat betrokke is. Dit beteken dat nie net die slagoffer daaronder ly nie, maar ook die boelie self of ander wat aan die boeliery deelneem. Sekere bekommernisse sluit die volgende in:

- **Dit is permanent.** Die meeste inligting wat aanlyn of elektronies gedeel word, is oop vir die publiek en permanent indien die inhoud nie aangemeld of verwyder word nie. Waar kinders in die verlede hul boelies by die skool kon los, volg die boelies hulle nou na hul huise toe, want dit vind aanlyn plaas en hierdie inligting is oral beskikbaar. 'n Negatiewe aanlyn reputasie kan 'n impak hê op sowel die boelie as die slagoffer vir toekomstige studie-, universiteits- of werkaansoeke, asook ander dele van hulle lewens.
- **Dit is aanhoudend.** Dit kan baie moeilik wees vir kinders om 'n gevoel van verligting te beleef wanneer hulle onder kuberboeliery gebuk gaan, want digitale toestelle en die internet maak dit moontlik om aanhoudend en voortdurend te kommunikeer. Hierdie toegang vind 24/7 plaas.
- **Dit is moeilik sigbaar.** Dit is baie moeiliker om kuberboeliery as gewone boeliery te herken, juis omdat ouers en onderwysers nie noodwendig kan sien of hoor wanneer kuberboeliery plaasvind nie. Baie kinders sê ook nie noodwendig vir hul ouers of onderwysers as hulle slagoffers van kuberboeliery is nie, omdat hulle skaam en verleë kan voel. Hulle kan ook voel dat 'n ouer of onderwyser se betrokkenheid die situasie kan vererger. As jy egter uitvind dat jou kind 'n teiken is, is dit ernstig genoeg om betrokke te raak.[12] Dit is dus belangrik dat ouers en onderwysers hulself vergewis van die nuutste tegnologie en toeps wat deur kinders gebruik word. Ons bespreek in afdeling 1.9.1 die gewildste toeps wat kinders gebruik.

---

[10] Alive to Thrive. 2022. *Bullying and cyberbullying: Be proactive.* Beskikbaar by https://learn.alivetothrive.com/lesson/bullying-be-proactive/#footnote-1. Geraadpleeg op 17 Junie 2022.

[11] Child Mind Institute. 2022. *How to help kids deal with cyberbullying: Empowering them with information and strategies to protect themselves.* Beskikbaar by https://childmind.org/article/help-kids-deal-cyberbullying/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[12] Child Mind Institute. 2022. *How to help kids deal with cyberbullying: Empowering them with information and strategies to protect themselves.* Beskikbaar by https://childmind.org/article/help-kids-deal-cyberbullying/. Geraadpleeg op 22 Maart 2023.

## 1.8 DIGITALE BEWUSMAKING VIR OUERS

Die digitale wêreld is voortdurend besig om te verander en te ontwikkel, en nuwe toestelle, toeps en sosialemediaplatforms steek gedurig kop uit. Kinders en tieners is ook gewoonlik eerste om dié nuwe toeps op die proef te stel en te gebruik. Daar is egter negatiewe gevolge indien dit nie reg gebruik word nie, want hoewel die internet en tegnologie baie voordele het, kan dit wel ook 'n negatiewe impak hê. Haatboodskappe, negatiewe inhoud en kuberboeliery kan aanlyn plaasvind en kan kinders benadeel – en dit sluit sowel die boelies as die slagoffers in! Daar is ook sekere wetlike aspekte wat daarmee gepaard gaan en ons brei in deel 2 van die gids meer hieroor uit. Sulke gedrag kan hulle aanlyn reputasie beïnvloed wat later ander negatiewe gevolge kan hê soos mislukte universiteit- of werksaansoeke.

Hoewel ouers soms voel dat hulle hul kinders in watte wil toedraai en beskerm, is dit tog onmoontlik om al jou kind se aktiwiteite te moniteer. Daar is wel 'n paar dinge wat ouers kan doen om hul kinders teen skadelike digitale gedrag en kuberboeliery te beskerm:

- Hersien of stel jou kind se ligging op hul foon of privaat funksies terug (as ouer moet jy toegang tot jou kind se foon/rekenaar hê, want dit is jou verantwoordelikheid om hulle teen digitale predatore en kuberboelies te beskerm).
- Bly op hoogte met die nuutste sosialemediaplatforms, toeps en digitale geselsterme wat kinders gebruik.
- Stel reëls vas oor die korrekte of toepaslike gebruik van aanlyn gedrag, toeps en inhoud.
- Wanneer jy bekommerd is dat jou kind onder kuberboeliery gebuk gaan of dalk ander kinders aanlyn boelie, moet jy jou kind se sosialemediarekeninge, internetgeskiedenis en toeps moniteer. Indien jy nie bekommerd is nie, is dit nog steeds noodsaaklik dat jy hierdie platforms moniteer om te voorkom dat jou kinders moontlik deur kuberpredatore geteiken word.
- Volg of wees vriende met jou kind op hul sosialemediaprofiele of laat 'n ander betroubare volwassene hul rekening dophou.
- Maak seker dat jy weet wat jou kind se intekenbesonderhede (intekennaam en wagwoord) vir hul e-pos- en sosialemediaplatforms is. Jy moet enige tyd van die dag daarop kan ingaan om te kyk waarmee hulle besig is. Onthou dat dit jou reg as ouer is en dat dit jou kind se voorreg is om die internet te mag gebruik.

## 1.9 SOSIALEMEDIA- EN TOEPGEBRUIK ONDER KINDERS

Sosialemediaplatforms en toeps het vele voordele vir kinders, soos om met ander maats te kommunikeer, hul gevoelens te deel en hul kreatiwiteit uit te leef. Hoewel dit goed is om te weet dat die internet en sosialemediaplatforms 'n positiewe bydrae tot ons kinders se lewens kan maak, moet ouers ook bewus wees van die moontlike gevare wat dit vir kinders kan inhou, want kuberboeliery kan só maklik gebeur. Daar is baie verskillende platforms en toeps beskikbaar, wat kinders verniet kan gebruik om na ander mense te soek en inligting anoniem te plaas of te deel.

Soms is ouers nie altyd bewus van hierdie toeps of sosialemediaplatforms wat hul kinders op 'n gereëlde basis gebruik nie; ook nie van die risiko's wat daarmee gepaard gaan nie. Kuberboeliery kan op verskeie maniere op aanlyn platforms en toeps weggesteek word, soos byvoorbeeld deur aanlyn oproepe, video's en teksboodskappe wat verdwyn of wat bloot nie op die selfoon, tablet of rekenaar, of in die teksboodskappe se logs, verskyn nie.

### 1.9.1 GEWILDE TOEPS EN SOSIALEMEDIAPLATFORMS WAT DEUR KINDERS GEBRUIK WORD

Meer inligting word in tabel 1 gebied oor die heel nuutste gewilde sosialemediaplatforms en toeps onder kinders, asook die gevare wat dit kan inhou.

*Tabel 1: Die heel nuutste sosialemediaplatforms en toeps wat onder kinders gewild is*

| Toep | Wat behels die toep? | Gevare wat die toep kan inhou |
|---|---|---|
| Instagram | Instagram is 'n netwerk waar gebruikers foto's en video's plaas om netwerke te bou, asook deur middel van ander sosiale netwerke soos Facebook (Meta Business Suite – 'n eenstop-toep waar jy al jou aktiwiteite op Facebook en Instagram tegelyk kan bestuur). | Dit kan verskeie moontlike gevare vir kinders inhou, soos kuberboeliery, uitvissing, bekruipery (Engels: *stalking*), liggaamsbeeldkwessies en 'n lae selfbeeld. Kinders moet dus hul profiel privaat stel sodat vreemdelinge nie na hul plasings kan kyk nie. Sensitiewe inhoud wat nie vir kinders bedoel is nie moet geblok word en ongewenste interaksies met ander gebruikers moet beperk word.[13] Facebook se eie interne navorsing dui daarop dat Instagram 'n negatiewe impak op tieners se psigologiese gesondheid het, byvoorbeeld 'n toename in angs, 'n negatiewe impak op hul selfbeeld en depressie.[14] |

[13] Siddiqui, M. 2023. *Is Instagram safe for kids? What parents need to know.* Beskikbaar by https://vpnoverview.com/internet-safety/kids-online/is-instagram-safe-for-kids/. Geraadpleeg op 22 Maart 2023.

[14] Qustodio. 2022. *Is BeReal safe for kids? App safety guide for parents.* Beskikbaar by https://www.qustodio.com/en/blog/is-bereal-safe-for-kids/. Geraadpleeg op 22 Maart 2023.

| | | |
|---|---|---|
| WhatsApp | Dit is ’n toep waar privaat boodskappe gestuur kan word, wat insluit teksboodskappe, foto’s, video’s, ligging en kontakbesonderhede. | WhatsApp het ’n ouderdomsbeperking/-gradering van 16 jaar. Dit is daarom belangrik dat ouers weet wat op hul kinders se WhatsApp-boodskappe aangaan. Enigiemand wat jou kind se nommer het en self ook van WhatsApp gebruik maak, het toegang tot die volgende:<br>» jou kind se status<br>» die “Last seen”-opsie, wat aandui wanneer jou kind laas op WhatsApp was<br>» die “Online”-opsie, wat wys wanneer jou kind aanlyn is en tans die toep gebruik<br>» die “Read receipt”-funksie, wat gebruikers in staat stel om te sien of boodskappe gestuur, ontvang en gelees is.<br>Jy moet die privaatheidsinstellings (Engels: *privacy settings*) op die toep gebruik sodat jy kan beheer wie hierdie inligting van jou kind kan sien.<br>WhatsApp maak ook voorsiening vir sekere privaatheidsfunksies:<br>» “End-to-end encryptions”: Dit beteken dat slegs persone in die geselskap (of “chat”) dié boodskappe kan lees of daarna kan luister. Die privaatheid van die boodskappe is beter, maar dit beteken ook dat die boodskappe nie vir onwettige aktiwiteite gemoniteer kan word nie.<br>» “Disappearing messages”: Dis ’n opsionele funksie waar boodskappe binne 24 uur, 7 dae of 90 dae verdwyn, afhangend van die verstelling. Boodskappe kan steeds gestoor of aangestuur word voordat dit verdwyn. Jy kan ook skermskote daarvan neem voordat dit verdwyn.<br>» “View once”: Met hierdie opsie verdwyn foto’s en video’s sodra dit oopgemaak is. Sulke foto’s en video’s kan nie gestoor, gedeel of aangestuur word nie. Jy kan wel sien wanneer die ander persoon dit oopgemaak het (indien jou “Read receipt”-verstelling geaktiveer is). Die foto of video verval ná 14 dae indien dit nie oopgemaak word nie.<br>» “Live location”: Met hierdie funksie kan jy jou huidige ligging met ander deel. Jy kan enige tyd ophou om dit te deel, maar jou laaste bygewerkte ligging sal steeds deur die ontvangers gesien word.[15] |
| Chatroulette | Daar is meer as 20 verskillende Chatroulette-geselswebtuistes wat gebruikers in staat stel om onmiddellik via ’n video of webkamera in te skakel. Hierdie toeps koppel die gebruikers onmiddellik en lukraak. | Daar is ’n inherente gevaar in webkamers: Mens kan enigiemand in die wêreld ontmoet en met hulle gesels, of enige tipe inhoud deur hierdie regstreekse uitsendings teëkom. Dié inhoud sluit enige onvanpaste volwasse inhoud van seksuele aard en pornografie in. Kinders is nie emosioneel gereed om hierdie tipe inhoud te sien nie. Deur hierdie toep kan kinders ook baie persoonlike inligting vir die kuberpredatore gee, byvoorbeeld die skoolklere wat hulle dra of die agtergrond op die kamera. Dit is alles inligting wat dit vir mense maklik maak om kinders te steel.[16] |

[15] NSPCC. 2023. *Is WhatsApp safe for my child?* Beskikbaar by https://www.nspcc.org.uk/keeping-children-safe/online-safety/online-safety-blog/2023-01-12-is-whatsapp-safe-for-my-child/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[16] Internet Safety Statistics. 2022. *Chatroulette: Dangers parents need to be aware of.* Beskikbaar by https://www.internetsafetystatistics.com/chatroulette-dangers-parents-need-to-be-aware-of/. Geraadpleeg op 20 April 2023.

| | | |
|---|---|---|
| TikTok | Dis ’n toep wat gebruikers toelaat om hul eie video’s te maak van waar hulle gesels, dans, sing of lipsinchroniseer. | TikTok word nie as ’n veilige toep vir kinders geag nie en behoort nie sonder ouertoesig gebruik te word nie. Volgens die toepvoorwaardes moet gebruikers 13 jaar of ouer wees om die toep te mag gebruik. TikTok hou risiko’s vir jou kind in, soos om kontak te maak met vreemdelinge, persoonlike inligting te deel of om deel te neem aan gevaarlike uitdagings wat kinders sowel fisies as emosioneel kan seermaak.[17] |
| Facebook en Facebook Live | Dit is van die bruikbaarste sosialemediaplatforms wat op verskeie media toeganklik is. | Hoewel kinders nie meer eintlik van Facebook gebruik maak nie, hou Facebook steeds sekere gevare in:<br>» identiteitsdiefstal<br>» kuberkrakers<br>» persoonlike inligting wat gekry of gedeel kan word, byvoorbeeld in watter skool die kind is.<br>Tydens regstreekse video’s is kinders al blootgestel aan gebeure soos selfdood of seksuele aanrandings, wat trauma veroorsaak. |
| Discord | Dit is ’n internetprotokol wat gebruikers toelaat om deur middel van video’s privaat boodskappe aan ander gebruikers te stuur of om ’n kletskamergesprek te begin of daaraan deel te neem wat óf privaat óf oop is vir die publiek. Dié toep word veral gebruik deur *gamers* om met mekaar te gesels wanneer hulle videospeletjies op Xbox, hul rekenaars of PlayStation speel. | Enigiemand wat 13 jaar of ouer is, kan Discord gebruik. Die risiko is dat kinders met iemand kan kommunikeer wat nie hul beste belange op die hart dra nie en kinders skade wil berokken. Kinders kan geboelie of misbruik word, onder druk geplaas word om geld te stuur vir ’n ander gebruiker of afgepers word. Gebruikers op Discord kan voorgee dat hulle iemand anders.[18] |
| BeReal | Dis ’n sosialemediatoep wat van gebruikers verwag om een keer per dag ongeredigeerde foto’s van hulself te plaas. Wanneer hierdie toep met ander toeps soos TikTok, Instagram of Snapchat vergelyk word, klink BeReal baie meer verfrissend, want dit moedig mense aan om die ware lewe sonder enige vorm van voorgee te geniet. Gebruikers stel ook nie daarin belang om duisende volgers te kry of om beïnvloeders vir handelsmerke te word nie. | Gebruikers moet 13 jaar of ouer wees om hierdie toep te gebruik. Wanneer hulle ’n openbare plasing op die toep maak, kan enigiemand sien wie hulle is, waar hulle is en waarvan hulle hou. Wanneer jou kind daagliks foto’s neem en plaas, is dit maklik vir predatore in die kuberruim om ’n redelik akkurate profiel van jou kind saam te stel, byvoorbeeld jou kind se roetine en gedrag.[19] |
| Calculator% | Dit is ’n kluis of geheime toep wat skadeloos voorkom, maar hierdie toep kan jou kind se foto’s, video’s, ander toeps, dokumente en internetgeskiedenis wegsteek. Die toep vereis ook ’n wagwoord om toegang te kry. Dit het ook ’n versteekte kamera wat die toestel se kamera gebruik om foto’s/video’s te neem en dit dan in die geheime galery te stoor. | Daar is verskeie risiko’s wat met hierdie toep gepaard gaan:<br>» **Kuberboeliery.** Wanneer kinders ’n geheime toep op hul fone het wat inligting wegsteek, gaan ouers nie weet of hul kinders slagoffers van kuberboeliery is nie. Ouers sal ook nie weet of hul kind ander kinders boelie nie.<br>» **Aksies wat aanlyn plaasvind is permanent.** Baie kinders begryp nie dat hul aanlyn aksies ’n langtermyn- en selfs permanente invloed op hul lewens kan hê nie. Negatiewe inhoud, foto’s wat skade berokken en persoonlike inligting wat gedeel word, kan aanlyn gevind word lank nadat dit geplaas is. Dit is dan sigbaar vir predatore of toekomstige werkgewers.[20]<br>» **Aanlyn predatore.** Mense is aanlyn nie altyd wie hulle sê hulle is nie. Dit is baie maklik vir katvisse om kinders seksueel gereed te maak (Engels: *grooming*) deur ’n aanlyn persona te gebruik. |

[17] Bhargavi, P. 2023. *Is TikTok safe for kids? What parents need to know.* Beskikbaar by https://www.momjunction.com/articles/tik-tok-for-kids-safety-risks-right-age_00785215/#:~:text=TikTok%20is%20not%20considered%20safe,challenges%2C%20and%20sharing%20personal%20data. Geraadpleeg op 27 Maart 2023.

[18] NCPCC. 2023. *Should I let my child use Discord?* Beskikbaar by https://www.nspcc.org.uk/keeping-children-safe/online-safety/online-safety-blog/should-i-let-my-child-use-discord/. Geraadpleeg op 8 April 2023.

[19] Qustodio. 2022. *Is BeReal safe for kids? App safety guide for parents.* Beskikbaar by https://www.qustodio.com/en/blog/is-bereal-safe-for-kids/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[20] He’s-extraordinary. 2022. *Online safety: make sure this calculator isn’t on your child’s device.* Beskikbaar by https://hes-extraordinary.com/online-safety-secret-calculator-vault. Geraadpleeg op 10 Maart 2023.

| | | |
|---|---|---|
| Omegle | Dis 'n toep wat gebruikers met vreemdelinge in 'n anonieme, een-tot-een-kletskamer koppel. | Omegle is onveilig vir kinders en tieners. Kinders praat virtueel met vreemdelinge. Aanlyn predatore kom op hierdie toep voor wat kinders kan omkoop om dalk verder met hulle op ander platforms soos WhatsApp of Instagram te gesels. Omegle kan kinders blootstel aan onvanpaste gedrag soos ontbloting (wat teen die wet is) of selfs selfdoodpogings, wat hulle kan traumatiseer. Dit is belangrik dat jy hierdie toep op jou kind se foon blok, omdat dit eindelose gevare vir kinders kan inhou.[21] |
| Snapchat<br>Snapchat | Snapchat is 'n fotoboodskaptoep wat gebruikers in staat stel om foto's en kort video's te deel wat bedoel is om uitgevee te word kort nadat dit gemaak of gestuur is. | Hierdie toep is geskik vir kinders van 16 jaar en ouer. Kinders moet egter begryp dat die inhoud wat hulle stoor en met ander deel nooit sal verdwyn nie. Dit is belangrik dat ouers hierdie gesprek met hulle het. Kinders moet ook iemand se toestemming hê voordat hulle daardie persoon se foto mag deel. As jy ooit sien dat jou kind angstig is wanneer hulle dié toep gebruik, is dit tyd dat jy tussenbeide tree, want dan is daar moontlik iets soos kuberboeliery of onvanpaste inhoud waarmee hulle gekonfronteer word. Dit is ook maklik om vriende op Snapchat by te voeg. Kinders kan dalk baie "vriende" hê, maar hulle ken nie regtig hierdie "vriende" nie. Snapchat kan data van kinders insamel, byvoorbeeld hul gewoontes binne en buite die toep. Snapchat werk ook met ander derde partye, met wie hulle kinders se inligting kan deel.[22] |
| SnapMaps | SnapMaps gebruik 'n toestel soos 'n selfoon se globale posisioneringstelsel (GPS) om gebruikers op 'n virtuele kaart aan te toon, wat sigbaar is vir ander SnapMaps-gebruikers. | Op SnapMaps is kinders se ligging slegs beskikbaar vir hul vriende op die toep. Kinders se ligging word bygewerk elke keer as hulle die toep oopmaak.[23] |
| Tumblr | Dis 'n sosiale netwerk vir die plaas van kort blogs en media. | Dit is onveilig vir kinders om Tumblr te gebruik, omdat dit hulle aan kuberboeliery en volwasse inhoud kan blootstel.[24] |
| Twitch | Twitch is 'n platform wat regstreekse stroming toelaat vir kinders wat speletjies speel of om net met mekaar te gesels. | Gebruikers moet 13 jaar oud of ouer wees om dié toep te gebruik Daar word bereken dat sowat 500 000 predatore elke dag aanlyn is.[25] Sulke predatore manipuleer en maak kinders seksueel gereed om sekere dinge te doen, soos om te dans, hul lywe vir dié predatore te wys of om aan eksplisiete aksies deel te neem. Sommige van die predatore betaal kinders ook 'n fooitjie om hulle só om te koop om te doen wat hulle nie noodwendig wil doen nie.[26] |

[21] Cruz, B. & Turner, G. 2023. *What is Omegle? What parents need to know.* Beskikbaar by https://www.security.org/digital-safety/is-omegle-safe/#:~:text=No%2C%20Omegle%20isn't%20safe,and%20many%20others%20like%20it. Geraadpleeg op 10 Maart 2023.

[22] Common Sense Media. 2023. *Parents' ultimate guide to Snapchat.* Beskikbaar by https://www.commonsensemedia.org/articles/parents-ultimate-guide-to-snapchat#Is%20Snapchat%20safe%20for%20tweens%20and%20teens?. Geraadpleeg op 9 Maart 2023.

[23] Screentime. 2022. *SnapMaps: The Good, The Bad and How Snapchat Parental Controls Work.* Beskikbaar by https://screentimelabs.com/blog/snapmap-parental-controls/. (Toegang 10 Maart 2023).

[24] AirDroid. 2022. *What is Tumblr? What parents should be aware of.* Beskikbaar by tumblr/#:~:text=However%2C%20Tumblr%20is%20unsafe%20for,this%20article%20has%20been%20helpful. Geraadpleeg op 9 Maart 2023.

[25] Child Crime Prevention & Safety Center. 2022. *Children and grooming / Online predators.* Beskikbaar by https://childsafety.losangelescriminallawyer.pro/children-and-grooming-online-predators.html#:~:text=There%20are%20an%20estimated%20500%2C000,ages%20of%2012%20and%2015. Geraadpleeg op 3 Mei 2023.

[26] Howard, T. 2022. *What parents need to know about Twitch.* Beskikbaar by https://www.parents.com/news/what-parents-need-to-know-about-twitch/. Geraadpleeg op 26 Maart 2023.

| | | |
|---|---|---|
| Twitter | Twitter is 'n mikroblogtoep waar gebruikers twiets kan lees, stuur of beantwoord, of kort boodskappe aan mekaar kan stuur. | Enige vreemdeling kan kinders op Twitter volg. Maak seker dat jou kind se Twitter-profiel as privaat gestel is. Kuberboeliery kan plaasvind wanneer jou kind iemand anders se plasing hertwiet. Dit kan veroorsaak dat kinders se profiele deur baie mense wêreldwyd gesien word – en die kommentare is nie altyd vriendelik nie. Dit is belangrik om jou kind daarteen te beskerm deur proaktief op te tree. Maak ook seker dat jou kind hul liggings van die toep verwyder, sodat vreemdelinge hulle nie kan opspoor nie. Direkte boodskappe (ook bekend as DM's) is ook moontlik, en vreemdelinge kan kinders direk boodskap. Maak seker dat jou kind se profiel só opgestel is dat vreemdelinge hulle nie kan kontak nie.[27] |
| Whisper | Whisper is 'n sosialemediaplatform wat anoniem is en wat gebruikers toelaat om foto's en video's te plaas en te deel. | Omdat hierdie toep anoniem gebruik word, is dit aanlyn predatore se perfekte speelgrond. Kinders gebruik hierdie toep om byvoorbeeld eksplisiete seksuele gedagtes en emosionele nood uit te druk. Sulke inligting is genoeg vir sekspredatore om vatbare kinders te identifiseer en te manipuleer. Predatore kan dan aan kinders boodskappe stuur om meer inligting te bekom, wat dit nog gevaarliker vir jou kind maak.[28] |
| WeChat | WeChat is 'n toep wat gebruikers in staat stel om met vriende te gesels en om mense sowel in die nabye omgewing as wêreldwyd op te soek en met hulle te gesels. | WeChat stel kinders in staat om met vreemdelinge te gesels wat naby aan hul huidige ligging is. Wanneer jou kind 'n plasing op die Moments-funksie plaas, kan enigiemand in die omtrek dié plasing sien. Indien die privaatheidverstellings nie aktief is nie, het enige persoon in die wêreld toegang tot jou kind se video's, foto's en kontakte.[29] |
| Amino | Amino is 'n toep wat gebruikers toelaat om aanlyn gemeenskappe te vorm, te gesels en om groepe te stig oor dieselfde belangstellings. | Op hierdie toep kan jou kind op onvanpaste inhoud, soos seksueel eksplisiete boodskappe afkom, wat nie noodwendig vir hul oë bedoel is nie. Dit is belangrik dat jy grense stel, want jy help om jou kind se identiteit te vorm.[30] |
| Askfm | Dis 'n sosialenetwerktoep wat gebruikers in staat stel om ander mense vrae te vra, wat soms anoniem plaasvind. | Askfm is gevaarlik vir kinders, omdat enigiemand vir hulle vrae kan vra. Hoewel hierdie toep gebruikers in staat stel om ander gebruikers te blok, kan dit soms reeds te laat wees omdat daar vrae aan jou kind gestel kon word wat seksueel van aard is, of hulle kan geboelie word. Askfm het geen beheermaatreëls vir ouers nie.[31] |
| Facebook Messenger Kids | Dis 'n boodskapplatform- en toep vir kinders. | Dié toep is ontwerp vir gebruikers tussen 6 tot 12 jaar oud. Dit is wel veiliger as ander toeps omdat dit beter sekuriteitsfunksies het. Ouers het ook volle beheer oor die toep en kan hul kinders beskerm, hoewel geen toep van aanlyn predatore gevrywaar kan word nie.[32] |

[27] Bark. 2020. *Is Twitter safe for kids? 6 things parents need to know.* Beskikbaar by https://www.bark.us/blog/twitter-monitoring-7-things-parents-need-to-know/. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[28] Jones, T. 2022. *Parents tips: Is Whisper safe for kids to use?* Beskikbaar by https://famisafe.wondershare.com/app-review/is-whisper-safe-to-use.html. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[29] Smart Social. 2018. *WeChat App: What parents need to know.* Beskikbaar by https://smartsocial.com/post/wechat-app. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[30] Protect Young Eyes. 2020. *Amino.* Beskikbaar by https://protectyoungeyes.com/apps/amino-parental-controls/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[31] Evolve Treatment Centers. 2023. *Should I be concerned? My teen is on Askfm.* Beskikbaar by https://evolvetreatment.com/blog/teens-askfm/#:~:text=Ways%20to%20Stay%20Safe%20on%20ASKfm&text=Your%20child%20is%20also%20the,anyone%20can%20report%20inappropriate%20content. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[32] Evans, M. 2018. *Safety first! The pros and cons of Facebook Messenger Kids.* Beskikbaar by https://www.defendyoungminds.com/post/pros-cons-facebook-messenger-kids. Geraadpleeg op 12 April 2023.

| | | |
|---|---|---|
| Houseparty | Houseparty is 'n sosialenetwerk- en groepvideotoep waarop gebruikers kan gesels deur middel van ander sosialemedianetwerke soos Facebook. | Omdat hierdie toep intyds en onmiddellik is, kan dit sekere risiko's vir kinders inhou omdat hulle moontlik onvanpaste inhoud kan sien. Die kletse word nie gemoniteer of gemodereer nie; daar is dus niks wat gebruikers verhoed om by boeliery betrokke te raak, of grafiese inhoud of aanstootlike taal te gebruik nie. Daar is dus 'n risiko dat jou kind op seksuele geweld of misbruik kan afkom, geboelie kan word of ontstellende inhoud kan sien.<br>Sommige kinders kan selfs hierdie toep gebruik om onvanpaste inhoud te deel of aan seksskrywery deel te neem. Dit is ook 'n moontlikheid dat ander volwassenes (ook predatore) kan probeer om met jou kind te gesels. Daar is niks wat die gebruikers verhoed om privaat video's of teksboodskappe te stuur of om skermskote te neem nie.[33] |
| Kik | Kik is 'n boodskaptoep wat gebruikers van alle ouderdomme toelaat om ander gebruikers anoniem te kontak. | Hierdie toep laat gebruikers toe om met vreemdelinge te gesels. Aanlyn predatore is daarop uit om kinders in lokvalle te vang en vra gewoonlik vir seksueel eksplisiete materiaal. Sodra die boodskappe, foto's of video's uitgevee word, kan dit nie weer gevind word nie. Dit maak dit moeiliker om kinders se aktiwiteite op hul selfone te moniteer of om aanlyn predatore aan te kla en te vervolg. Kinders kan ook aan seksuele en ander inhoud blootgestel word wat nie gepas is vir kinders nie.<br>Seksuele gereedmaking vind plaas waar kinders seksueel gestimuleer word sodat hul self dan seksueel eksplisiete foto's en video's neem. 57% van Kik se gebruikers is tussen 13 en 24 jaar oud en hul ouers het moontlik geen idee dat dié toep bestaan nie. Daar is geen privaatheidsbeleid op hierdie toep beskikbaar wat jou kind kan beskerm nie.[34] |
| Reddit | Reddit is 'n webtuiste wat webinhoud en besprekingspunte evalueer, en sosiale nuus stoor. | Dit is belangrik om die gevare te begryp wat Reddit vir kinders inhou, omdat dit 'n toep is wat spesifiek vir volwassenes ontwerp is. Risiko's wat hierdie toep vir kinders kan inhou, sluit in:<br>» boeliery<br>» seksuele, volwasse, onvanpaste of gewelddadige inhoud<br>» aanlyn predatore<br>» gevaarlike aanlyn uitdagings<br>» onakkurate inligting[35] |
| Roblox | Roblox is 'n aanlyn speletjieplatform met gratis multispelerspeletjies wat deur gebruikers ontwerp is. Roblox stel gebruikers in staat om met mekaar te kommunikeer en by groepe aan te sluit. | Hierdie toep hou vier potensiële kernrisiko's vir kinders in:<br>» kuberboeliery<br>» om deur vreemde volwassenes met slegte bedoelings gekontak te word<br>» oorbesteding in die Roblox-katalogus<br>» blootstelling aan volwasse inhoud wat onvanpas of seksueel van aard is[36] |

[33] WebWatcher. 2020. *What parents should know about the Houseparty app.* Beskikbaar by https://www.webwatcher.com/what-parents-should-know-about-the-house-party-app/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[34] Bhattacharya, A. 2022. *Kik parental control: Hidden dangers that parents often ignore.* Beskikbaar by https://famisafe.wondershare.com/tips/kik-parental-control-and-hidden-dangers.html. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[35] Troutner, A. 2022. *Is Reddit safe? Tips for parents to keep teens safer online.* Beskikbaar by https://vpnoverview.com/internet-safety/kids-online/is-reddit-safe/#:~:text=Inappropriate%20content,-Young%20and%20vulnerable&text=Most%20teens%20are%20not%20prepared,keep%20out%20all%20such%20posts. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[36] Family Zone. 2023. *Roblox: What parents need to know about this popular gaming platform.* Beskikbaar by https://www.familyzone.com/anz/families/blog/roblox-parents-review. Geraadpleeg op 12 April 2023.

| | | |
|---|---|---|
| Sarahah | Dit is 'n anonieme boodskaptoep. | Hierdie toep word gegradeer vir kinders wat 17 jaar en ouer is, hoewel die meeste gebruikers tussen 12 en 17 jaar oud is. Enigiemand kan vir dié kinders boodskappe stuur, vreemdelinge ingesluit, en dié boodskappe kan heeltemal onvanpas wees. Dit is daarom belangrik dat jou kind se profiel as privaat gestel word. Jou kind kan ook seksueel deur 'n ander anonieme persoon (soos 'n volwassene) voorberei word deur onwettige inhoud te stuur.[37] |
| Telegram | Telegram is 'n toep wat gebruikers in staat stel om boodskappe, foto's, video's en dokumente te stuur, oproepe te maak en teksboodskappe deur middel van 'n tydafteller uit te vee. | Met hierdie toep kan jou kind blootgestel word aan onvanpaste inhoud soos pornografie, wrede plasings of ontstellende inhoud wat nie vir kinders bedoel is nie, asook vreemdelinge. Enigiemand kan jou kind op enige groep plaas as die privaatheidsfunksie nie geaktiveer is nie. Almal op die groep kan dan jou kind se profielfoto en gebruikersnaam sien, en hulle kan privaat boodskappe van enige vreemdeling op die groep ontvang. Die toep gebruik elke gebruiker se selfoonnommer en enigiemand kan dié nommer in die gebruiker se profiel sien. Dit is dus belangrik om die privaatheidsfunksie te aktiveer.[38] |
| YouTube | Dit is die bekende platform waar gebruikers video's kan publiseer of deel. | Onvanpaste inhoud kom oral op YouTube voor. Daar is baie wat mens op YouTube kan leer en die tipe inligting is legio. Dit sluit opvoedkundige video's in, byvoorbeeld hoe om te bak of juwele te maak. Hoewel hierdie inhoud onskadelik is, is daar ook inhoud wat nie vir kinders bedoel is nie.<br>Jy kan egter die inhoud goedkeur waarna jou kind kan kyk. YouTube het in 2018 'n betroubare kanaal bekendgestel waar jy video's kan kies en goedkeur wat vir jou kind gepas is.<br>YouTube kan ongelukkig jou voorskoolse kind se ontwikkeling belemmer. Volgens dr. Brandon Smith, 'n assistentprofessor in pediatrie by die Johns Hopkins-mediese sentrum in Baltimore, kan oormatige kyktyd met media van lae gehalte bydra tot swakker taalontwikkeling by kinders. Laegehaltevideo's sluit in inhoud wat wys hoe kinders met speelgoed speel en geskenke oopmaak, wat verder tot die "ek wil dit hê"-kultuur kan bydra.[39] |
| Line | Dit is 'n boodskapstoep wat gebruikers in staat stel om stemboodskappe te los, gratis oproepe te maak en om boodskappe te stuur. Gebruikers kan boodskappe uitvee deur 'n tydafteller te gebruik. | Line hou die volgende gevare vir jou kind in:<br>» kuberboeliery, waar kinders skinderstories versprei, mekaar verkleineer of dreig.<br>» blootstelling aan volwasse en seksuele inhoud wat nie vir kinders bedoel is nie.<br>Sosiale media kan kinders se selfbeeld 'n knou gee. Dieselfde kan gesê word van die Line-toep. Kinders probeer die leefstyl van sosialemediabeïnvloeders naboots en kan nie noodwendig met hierdie tipe leefstyl byhou nie. Hulle kry ook nie altyd baie volgers of "likes" nie, wat veroorsaak dat hulle lae selfbeelde het.[40] |

[37] KeepnTrack. 2020. S*arahah: Dangerous to students?* Beskikbaar by https://www.keepntrack.com/sarahah-dangerous-to-students/. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[38] Safes. 2022. *Is Telegram safe for kids?* Beskikbaar by https://www.safes.so/blogs/is-telegram-safe-for-kids/. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[39] Fabiam-Weber, N. 2022. *9 red flags of YouTube for kids and tips for safer viewing.* Beskikbaar by https://www.care.com/c/how-youtube-affects-kids/. Geraadpleeg op 11 April 2023.

[40] Jones, T. 2022. *Line app review for parents: meet dangerous people.* Beskikbaar by https://famisafe.wondershare.com/app-review/line-chat-app-review.html. Geraadpleeg op 13 April 2023.

| | | |
|---|---|---|
| LiveMe | Dit is 'n toep om regstreekse video's uit te saai en na ander gebruikers se video's te kyk. | Hierdie toep hou verskeie gevare vir kinders in:<br>» volwasse, seksuele en onvanpaste inhoud<br>» geldbesteding op virtuele geskenke<br>» aanmoediging om gewildheid en roem na te jaag<br>» kuberboeliery<br>» geselsies met vreemdelinge en video's wat regstreeks uitgesaai word[41] |
| YouNow | Dit is 'n toep wat tieners toelaat om hulself via regstreekse video's uit te saai. Hulle kan video's sien, op regstreekse video's reageer of met ander gesels. | Daar is verskeie risiko's wat hierdie toep vir kinders inhou:<br>» Daar is 'n risiko vir boeliery, omdat video's regstreeks uitgesaai word.<br>» Kinders kan moontlik sensitiewe, seksueel eksplisiete of onvanpaste materiaal teëkom, juis omdat video's regstreeks uitgesaai word. Ouers moet bewus wees van die onvoorspelbare aard van regstreekse video's, want dit maak dit moeilik om te moniteer.<br>» Soms is kinders geneig om persoonlike inligting soos hul naam, van, kontaknommer of ligging met ander gebruikers te deel.<br>» Sommige kinders besef nie hoe baie inligting hulle deur 'n video van hulself kan weggee nie. Dit sluit in die detail in die agtergrond of skooluniforms wat dit vir ander gebruikers maklik maak om hul skool te identifiseer.[42] |
| Yubo (vroeër Yellow) | Yubo is 'n toep waarna ook verwys word as die "Tinder vir tieners". Gebruikers vee na regs of links om profiele van ander gebruikers te aanvaar of te verwerp. | Daar is gevare waarvan ouers bewus moet wees:<br>» Kinders kan deur vreemdelinge gekontak word. Sommige volwassenes gee voor dat hulle kinders is.<br>» Daar is 'n risiko vir kuberboeliery, haatspraak en uitbuiting wanneer video's regstreeks uitgesaai word.<br>» Kinders kan op onvanpaste inhoud afkom wat nie vir hul oë bedoel is nie.<br>» Yubo kan kinders se tyd steel, omdat hulle nog nie eintlik hul tyd self kan bestuur nie. Wanneer kinders te veel tyd aan sosiale media bestee, kan dit hul aandag aflei of hul slaappatrone ontwrig.<br>» Kinders kan blootgestel word aan kuberboeliery of 'n vorm van groepsdruk wat verder tot geestesgesondheidskwessies kan lei.<br>» Soos baie ander sosialemediatoeps kan Yubo verslawend wees, want kinders is bang dat hulle iets misloop. Sonder sosiale media voel kinders afgesny van die res van die wêreld.[43] |
| OnlyFans | Hierdie toep is beslis nie vir kinders jonger as 18 jaar bedoel nie (ook volgens die toep se beleid), hoewel kinders wel hierby betrokke raak. Mense kan met 'n maandelikse lidmaatskapfooi vir inhoud (soos foto's, video's en regstreekse uitsendings) betaal. Inhoud word meestal deur modelle, fiksheidsmodelle, openbare figure en YouTubers vervaardig sodat hulle geld kan verdien. Dit is ook gewild onder volwasse inhoudskeppers. | Wat hierdie toep so gevaarlik maak, is dat dit nie net kinders aan die pornografie blootstel nie, maar dat dit kinders ook in staat stel om foto's en video's te neem wat hulle self op dié platform verkoop. Dit is kommerwekkend en ook onwettig omdat dit op kinderpornografie neerkom. Kinders moet onder geen omstandighede hierdie toep op hul fone hê nie.[44] |

[41] National Online Safety. 2022. *Live.Me: A parent's guide.* Beskikbaar by https://www.churchlaneprimary.org.uk/media/e%20safety%20poster/Liveme-Parent-Guide.pdf. Geraadpleeg op 14 April 2023.

[42] WebWise.ie. 2023. *Explained: What is YouNow?* Beskikbaar by https://www.webwise.ie/parents/explained-younow/. Geraadpleeg op 13 April 2023.

[43] Mobicip. 2022. *Everything parents need to know about Yubo.* Beskikbaar by https://www.mobicip.com/blog/everything-parents-need-know-about-yubo-tinder-teens-app. Geraadpleeg op 12 April 2023.

[44] InternetMatters.org. 2022. *What is OnlyFans? What parents need to know.* Beskikbaar by https://www.internetmatters.org/hub/news-blogs/what-is-onlyfans-what-parents-need-to-know/. Geraadpleeg op 17 April 2023.

## 1.10 ANDER BELANGRIKE KUBERVERSKYNSELS WAARVAN OUERS EN ONDERWYSERS BEWUS MOET WEES

Benewens kuberboeliery is daar ook ander kuberverskynsels waarvan ouers en onderwysers bewus moet wees juis omdat dit kinders in groot moeilikheid kan laat beland omdat dit onwettig is. Hierdie verskynsels sluit in seksskrywery, kinderpornografie en anime-strokiesprente wat kinders op enige seksuele wyse voorstel.

### 1.10.1 WAT IS SEKSSKRYWERY EN WAT MOET OUERS WEET?

Seksskrywery is wanneer kinders seksueel eksplisiete boodskappe, foto's of video's deur selfone, rekenaars of enige ander digitale toestel stuur of ontvang. Dit is 'n algemene verskynsel onder kinders: Sommige studies toon dat tot 60% van tieners aan seksskrywery deelneem.[45] Sommige tieners meen dat tot 90% van hul maats hieraan deelneem.[46] Dié syfers is 'n aanduiding dat seksskrywery as normaal geag word deur tieners en dat dit ook seksuele gedrag onder tieners bevorder of laat toeneem.

Die gevare wat seksskrywery vir kinders inhou is die feit dat 'n digitale lêer daardeur ontstaan – hulle los dus 'n digitale voetspoor. Wanneer digitale media geskep en gedeel word (wat foto's, boodskappe en video's insluit), het kinders nie meer beheer oor die inhoud nie en waar dit verder versprei word nie. 'n Ander bekommernis oor seksskrywery is die konsep van ware identiteit. Tegnologie maak dit vir gebruikers maklik om hul ware identiteit weg te steek; dit sluit hul ouderdom, geslag en ware intensies of bedoelings in. Dit kan veroorsaak dat 'n kind onwetend met 'n volwassene of ander kind in die skool gesels, wie se bedoelings dalk nie edel is nie.[47]

Seksskrywery waarby kinders betrokke is, is onwettig en kan op 'n sielkundige vlak vir kinders skadelik wees, wat seksuele verslawing en psigiese gesondheidsprobleme insluit. Seksskrywery kan ook sekere regsgevolge inhou, omdat kinders nie bewus is daarvan dat die deel van hierdie tipe boodskappe, foto's en video's as kinderpornografie beskou word nie. Kinders kan ook slagoffers van boeliery wees en gedwing voel om seksuele foto's, video's of boodskappe te stuur, wat ook 'n negatiewe impak op die verhouding met hul maats kan hê.[48]

### 1.10.2 KINDERPORNOGRAFIE

Kinderpornografie word baie duidelik omskryf in artikel 1 van die Wysigingswet op Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007:

"[K]inderpornografie" [is] enige beeld, ongeag hoe dit geskep is, of enige beskrywing of aanbieding van 'n persoon, werklik of nageboots, wat uitgebeeld of beskryf of aangebied word as onder die ouderdom van 18 jaar, van 'n eksplisiete seksuele aard, hetsy sodanige beeld of beskrywing of aanbieding bestem is om erotiese of estetiese gevoelens te stimuleer al dan nie, met inbegrip van enige sodanige beeld of beskrywing van sodanige persoon –

a. besig met 'n handeling wat 'n seksuele misdryf daarstel;
b. besig met 'n handeling van seksuele penetrasie;
c. besig met 'n handeling van seksuele skending;
d. besig met 'n handeling van self-masturbasie;
e. wat die geslagsorgane van sodanige persoon in 'n toestand van opwekking of stimulering ten toon stel;
f. wat die geslagsorgane of anus van sodanige persoon onbehoorlik ten toon stel;
g. wat enige vorm van stimulasie van 'n seksuele aard van sodanige persoon se borste ten toon stel;
h. besig met seksueel suggestiewe of wellustige dade;
i. besig met, of as die onderwerp van, sadistiese of masochistiese dade van 'n seksuele aard;
j. besig met gedrag of aktiwiteit wat tipies met seksuele omgang vereenselwig word;
k. wat sodanige persoon wys of beskryf –
    i. deel te neem aan, of behulpsaam te wees by of 'n ander persoon fasiliteer om deel te hê in; of
    ii. in die teenwoordigheid van 'n ander persoon wat pleeg of op enige ander wyse betrokke is by enige handeling beoog in paragrawe (a) tot (j); of
l. wat die liggaam, of dele van die liggaam, van sodanige persoon wys of beskryf in 'n wyse of onder omstandighede wat, binne die konteks daarvan, die seksuele integriteit of waardigheid van daardie persoon of enige kategorie van persone onder die ouderdom van 18 jaar skend of aanstoot gee of wat in staat is om gebruik te word vir die doeleindes van 'n skending of aanstoot gee van die seksuele integriteit of waardigheid van daardie persoon, enige persoon of groep of kategorie van persone[.]

---

[45] Miller, A.I. 2018. *Jamaica Observer. Worrying trends and hopeful signs.* Beskikbaar by https://www.jamaicaobserver.com/columns/worrying-trends-and-hopeful-signs/. Geraadpleeg op 5 April 2023.

[46] Schleifer, J.J. 2021. *What is sexting and is it common among teens?* Beskikbaar by https://www.lifespan.org/lifespan-living/what-sexting-and-it-common-among-teens. Geraadpleeg op 5 April 2023.

[47] Schleifer, J.J. 2021. *Lifespan: Delivering life with care. What is sexting and is it common among teens?* Beskikbaar by https://www.lifespan.org/lifespan-living/what-sexting-and-it-common-among-teens. Geraadpleeg op 4 April 2023.

[48] Canopy. 2023. *Sexting: The impacts and consequences on young people.* Beskikbaar by https://canopy.us/2023/03/07/sexting-the-impacts-consequences-on-young-people/. Geraadpleeg op 3 April 2023.

### 1.10.3 ANIME-STROKIESPRENTE WAT KINDERS OP SEKSUELE WYSE VOORSTEL

Anime-strokiesprente wat kinders op enige seksuele of eksplisiete manier (dus kinderpornografie) voorstel, is teen die wet!

> **Wat mag onderwysers doen?**
>
> Indien onderwysers vermoed of agterkom dat daar onvanpaste inhoud soos pornografie, kinderpornografie of seksskrywery op 'n kind se foon is, mag die onderwyser die foon by dié kind konfiskeer. Onthou om die foon op vlugverstelling (Engels: *flight mode*) te plaas, dit in 'n koevert te plaas en die kind se volle naam en selfoonwagwoord op die koevert te skryf. Bel die SAPD en oorhandig dit so aan hulle sodat hulle die saak verder kan ondersoek.

## 1.11 DIE RISIKO'S VAN SOSIALEMEDIAPLATFORMS EN TOEPS

Hoewel sosiale media baie voordele vir ons kan inhou, is dit egter belangrik om ook die risiko's in ag te neem wat dit vir jou kind kan inhou:

- Inhoud kan iemand seermaak, of skadelik en verkeerd wees.
- Sosialemediaplatforms en -toeps wat gebruikers van alle ouderdomsgroepe insluit, stel volwassenes in staat om met jou kind te kommunikeer.
- Sosialemediaplatforms en -toeps kan alle tipe inhoud toelaat, wat geplaas en gedeel kan word.
- Toeps waarop video's regstreeks uitgesaai word, kan gebruik word om jou kind aan geweld, skadelike gedrag, boeliery en selfs selfdoodpogings bloot te stel.
- Toeps wat telefoonoproepe toelaat, kan dalk nie op 'n selfoon se oproepelys wys nie, wat beteken dat jy nie noodwendig sal weet met wie jou kind praat nie.
- Die sifting van skadelike inhoud op webtuistes kan verskil. Dit beteken dat daar moontlik onvanpaste inhoud op sekere webtuistes kan verskyn sonder dat jy daarna gesoek het. Dit is ook iets wat jou kind onverwags kan sien wat nie noodwendig vir hul oë en ouderdom bedoel is nie.
- Sosialemediaplatforms en -toeps kan gebruik word om volwasse- en skadelike inhoud te deel.
- Daar is sosialemediaplatforms en -toeps wat geen moderator vir boodskappe, groepe en forums het nie, wat beteken dat alle tipes inhoud (ook dié wat nie vir kinders gepas is nie) geplaas en gedeel kan word (en dit word nie gemoniteer nie).
- Toeps maak van verskillende privaatheidsverstellings gebruik, wat beteken jy kan kies wie jou profiel kan sien en toegang tot jou plasings het. Baie gebruikers weet nie hoe om hierdie privaatheidsverstellings doeltreffend te gebruik nie. Dit is belangrik dat jy jou met die verskillende toeps en die verskillende privaatheidsverstellings vergewis, sodat jy jou kind kan beskerm.
- Sommige toeps wat jou ligging insluit, kan gebruik word om persoonlike inligting te kry, soos iemand se huidige ligging, waar hulle bly en hoe oud hulle is. Dit kan baie gevaarlik wees, vir sowel volwassenes as vir kinders, want mensehandel kan ook op hierdie wyse plaasvind.

Dit is belangrik dat jy vertroud is met die nuutste tegnologie, sosialemediaplatforms en toeps wat deur kinders gebruik word. As jy jouself vergewis van die belangrikste sekuriteitsmaatreëls, belangrike inligting oor aanlyn speletjies, toeps en platforms wat jou kind wil of reeds gebruik en die risiko's wat daarmee gepaard gaan, kan jy 'n ingeligte besluit neem oor hoe en wanneer jou kind daarvan gebruik mag maak.

## 1.12 KUBERBOELIETAKTIEKE

Dit is belangrik om te begryp hoe kinders kuberboelieryslagoffers word en op watter wyse hulle geboelie word sodat dit maklik geïdentifiseer en aksie dadelik geneem kan word. Kuberboelietaktieke wat gereeld plaasvind, sluit in:

- dreig om iemand seer te maak of om selfdood te pleeg
- gee voor om iemand anders aanlyn te wees met die doel om iemand in die versoeking te stel of om persoonlike of valse inligting oor iemand anders te plaas
- skep 'n gemene, skadelike webtuiste oor iemand
- lewer kommentaar en versprei skinderstories aanlyn wat iemand verneder en seermaak
- plaas foto's of video's wat iemand seermaak en verneder
- plaas gemene of haatlike kommentare, name of inhoud oor enige persoonlike karaktereienskappe, ras, of geloof van iemand
- gebruik 'n vorm van aanlyn teistering – ook genoem "doxing" ('n afkorting van die woord "dokument") – om iemand te dreig, wraak te neem of hul privaatheid te skend deur persoonlike inligting (selfoonnommers, adresse, kredietkaartinligting, persoonlike inligting en skakels na hul sosialemediaprofiele) met die publiek te deel

Kuberboeliery kan op verskillende wyses plaasvind. Tesame met al die faktore wat 'n risiko vir kinders inhou, kan kuberboeliery ook na selfdoodverwante probleme lei. Kuberboeliery vind ook deurlopend plaas, wat die waarskynlikheid vir depressie en angs by

kinders verhoog. Kinders is nie emosioneel gereed vir wat met hulle gebeur as hulle onder kuberboeliery gebuk gaan nie. Sommige vorme van kuberboeliery is vorms van teistering wat dan verder lei na strafregtelike gedrag. Deur die regte wyse te gebruik om in te gryp, kan die probleem positief opgelos word sodat skadelike en negatiewe uitkomste vermy kan word. Wanneer kuberboeliery nie bygelê word nie, kan dit oor die lang termyn die psigiese gesondheid van kinders belemmer. Boeliery en kuberboeliery kan 'n negatiewe impak hê op almal wat betrokke is, hetsy die slagoffer of die boelie self. Hier is 'n paar voorbeelde van verskillende kuberboelierytaktieke:[49]

- vals beskuldigings en leuens
- vals profiele en identiteite (wat ook 'n "sockpuppet" genoem word)
- boeliery omdat hulle as "anders" gesien word
- "doxing" tydens aanlyn speletjies
- die deel van naakfoto's en kinderpornografie
- boeliery omdat kinders ekonomies uitgedaag word
- aanmoediging om hulself seer te maak of om selfdood te pleeg
- boeliery weens jaloesie

## 1.13 HOE OM KUBERBOELIERY TE VOORKOM

Kinders kan op verskeie wyses by kuberboeliery betrokke wees. Hulle kan die slagoffer, die getuie van die boeliery of die boelie self wees. Volwassenes soos onderwysers en ouers is nie altyd bewus van al die toeps en sosialemediaplatforms wat kinders gebruik nie. Hoe meer digitale platforms kinders gebruik, hoe meer geleenthede is daar om aan kuberboeliery blootgestel te word.

### 1.13.1 WAARSKUWINGSTEKENS WAT BY 'N KIND VOORKOM WAT ONDER KUBERBOELIERY GEBUK GAAN OF WAT SELF DIE KUBERBOELIE IS

Waarskuwingstekens wat aandui dat kuberboeliery op 'n kind se selfoon of enige ander digitale toestel plaasvind, sluit in:

- emosionele reaksies oor dit wat op die digitale toestel plaasvind, insluitend lag, ontsteltenis of woede
- sluit van sosialemediaprofiele of skep van nuwe rekeninge
- isolasie van vriende, ander mense en sosiale aktiwiteite
- depressie
- 'n merkbare toe- of afname in die gebruik van selfone, sosiale media of teksboodskappe
- vermyding van gesprekke oor waarmee hulle op hulle fone besig is, of die wegsteek van skerms of selfone wanneer ander mense in die omtrek is
- vermyding van sosiale interaksies met ander wat hulle vroeër geniet het

### 1.13.2 WAT MOET JY DOEN WANNEER KUBERBOELIERY PLAASVIND?

Indien jy of jou kind se onderwysers enige tekens waarneem dat jou kind by kuberboeliery betrokke is, moet julle stappe doen om jou kind se digitale gedrag te ondersoek. Kuberboeliery is maar een vorm van boeliery en volwassenes moet dieselfde benadering volg om kuberboeliery by te lê: Ondersteun die kind wat geboelie word; spreek die boelies aan en wys kinders dat kuberboeliery nie ligtelik opgeneem word nie, maar 'n ernstige saak is. Wanneer jy vermoed dat jou kind by kuberboeliery betrokke is, kan jy die volgende doen:

- **Merk op:** Neem kennis en merk op wanneer daar 'n verandering in jou kind se gedrag of bui is. Probeer uitvind wat die moontlike oorsaak daarvan kan wees en of hierdie verandering plaasvind wanneer hulle op hul rekenaars of selfone besig is.
- **Praat:** Vra jou kind vrae sodat jy kan uitvind wat aan die gebeur is, hoe die kuberboeliery begin het en wie daarby betrokke is.
- **Dokumenteer en hou rekord:** Hou rekord van hoe, waar en wanneer die boeliery gebeur. Jy kan waar moontlik skermskote van skadelike plasings neem en dit as bewyse hou. Die meeste wette en beleide neem daarvan kennis dat boeliery aanhoudend is – om rekord daarvan te hou sal jou help om alles te dokumenteer.
- **Meld aan:** Die meeste skole en sosialemediaplatforms het duidelike beleide en aanmeldingsprosesse wat in plek is of moet wees. Skole moet gedragskodes en boeliebeleide hê wat deur ouers, leerders en onderwysers gelees en begryp moet word sodat boeliery in alle vorme hokgeslaan kan word. Dit is uiters belangrik dat hierdie gedragskodes nagekom word, anders sal dissiplinêre aksie geneem moet word.
- **Ondersteun:** Betroubare volwassenes, vriende en mentors kan soms in die openbaar ingryp om die situasie positief te beïnvloed. Openbare ingrypings kan beteken dat positiewe kommentare gegee word oor die persoon wat geboelie word om die gesprek in 'n positiewe rigting te stuur. Dit is ook belangrik om sowel na die boelie as die slagoffer uit te reik om jou bekommernis te lug. Indien moontlik, is dit belangrik om te bepaal of professionele hulp vir die betrokke partye benodig word, soos beraders of sielkundiges.

[49] StopBullying.gov. 2021. *How to prevent cyberbullying: A guide for parents, caregivers, and youth.* Beskikbaar by https://www.stopbullying.gov/sites/default/files/documents/Cyberbullying%20Guide%20Final%20508.pdf. Geraadpleeg op 22 Maart 2023.

### 1.13.3 WENKE VIR OUERS

Dit is belangrik dat ouers met hul kinders oor toepaslike digitale gedrag en inhoud gesels. Ouers is daar om vertroue te bou deur oop en eerlike gesprekke te voer. Ouers moet aan die kommunikasie- en vertrouensverhoudings tussen hulle en hul kinders werk sodat kinders gemaklik sal voel om enige onaangename gebeure aan hulle te noem. Hierdie tipe gesprekke skep die geleentheid om die verwagtinge en waardes van jou familie se digitale gedrag te bespreek, insluitend die deel van sekere inhoud en die tipe toeps wat toelaatbaar is.

Maak seker dat jy gereeld met jou kind gesels oor wat in hul kuberwêreld aangaan sodat jy enige moontlike risiko's kan identifiseer. Dit beteken dat jy enige tyd van die dag na hul selfone, rekenaars of enige digitale toestelle kan kyk. Indien jou kind wagwoorde het, moet jy weet wat dié wagwoorde is – dit is jou plig om jou kind te beskerm, want hulle is nog minderjarig. Verduidelik baie mooi aan jou kind wat jou bedoeling is wanneer jy só optree: Jy sien om na hul welstand en dat dit 'n oop en eerlike verhouding aanmoedig. Dit is belangrik om na hul bekommernisse te luister en dat jy jou perspektief moet uitdruk. Die idee van 'n oop en eerlike verhouding met jou kind is dat hulle eerder met jóú moet kom praat wanneer hulle bang of onseker voel oor iets eerder as om raad by ander kinders in die skool te kry, wat hulle dalk van die wal af in die sloot kan lei.

***Onthou: Dit is 'n kind se voorreg om 'n selfoon te hê en nie 'n reg nie!***

Jy kan die volgende toeps aflaai om jou kind se selfoon te moniteer om hulle veilig te hou:

| Toep | Funksie |
|---|---|
| Google Family Link<br>Google Family Link | Google se Family Link sal jou help om op hoogte te bly van jou kind se aanlyn lewe, soos wat hulle gebruik maak van Android- of ChromeOS-toeps. |
| Qustodio<br>Die beste alles-in-een-ouerbeheer | » Hou jou kind veilig aanlyn; maak seker dat jou kind se digitale aktiwiteite gebalanseerd en risikovry is.<br>» Hou toesig soos jy wil. Jy kan webtuistes filtreer, 'n tydlimiet opstel, toeps blok, verslae trek en vele meer.<br>» Bou positiewe digitale gewoontes en help jou kind om 'n gesonde verhouding met tegnologie te kweek.[50] |
| DNSFilter<br>DNS Filter<br>Die beste toep om webtuistes mee te filter | Hierdie toep kan onvanpaste en gevaarlike webtuistes filter sodat jou kind veilig is. Vir meer inligting kan jy die webtuiste by **https://www.dnsfilter.com/features/dns-filtering** besoek. |
| NetCut<br>NETCUT<br>Die beste toep om internettoegang te beheer | Vir meer inligting kan jy NetCut se webtuiste by **https://arcai.com/** besoek. |

[50] Qustodio. 2023. *Qustodio: the all-in-one parental control and digital wellbeing solution.* Beskikbaar by https://www.qustodio.com/en/?source=aw&utm_source=awin&utm_medium=1039603&utm_campaign=Online+World+Media&utm_term=Contextual+Targeting&awc=7874_1681992655_c7cd180825dd06e19c91dc04123842ec&utm_content=text. Geraadpleeg op 17 April 2023.

| | |
|---|---|
| ReThink<br>'n Goeie teenboelietoep | Vir meer inligting oor hierdie toep, besoek gerus ReThink se webtuiste by **https://www.rethinkwords.com/**. |
| FamilyTime<br>Hierdie toep kan ook deur skole gebruik word. | Jy kan jou kind se selfoonaktiwiteite soos internetgebruik, ligging, toeps wat geblok moet word, foongebruikspatrone en vele meer moniteer en beheer.<br>Besoek gerus **https://familytime.io/** vir meer inligting oor hierdie toep. |



# DEEL 2: WAT SÊ DIE WET?

*Deur adv. Phyllis Vorster*

*"Flirting, boasting, gossiping, teasing, hanging out, confessing: all that classic teen stuff has always happened ... It's just that it used to happen behind the bike sheds, or via tightly folded notes pressed urgently into sweating hands in the corridor between lessons. Social networking sites and mobile phones have simply facilitated the whole business, a gadzillion times over."*
– John Henley in *The Guardian*

Ek is nie 'n pedagoog of 'n sielkundige nie, maar as 'n aanklaer neem ek altyd die woorde van Andrew Levkoff in ag: "... not once have I ever seen a coin, whether grimy copper or bright gold, that has not but one side."

## 2.1 INLEIDING

My kind is al weer in haar kamer agter 'n toe deur. Sy kom nooit meer by die hokkieoefening uit nie. Haar foon is al weer af. Ek weet nie wat gaan aan nie; sy is huilerig en wil nie praat nie. Die oorsaak van haar persoonlikheidsverandering word deur die onderwyser aan die huis toegeskryf en die ouers blameer die onderwyser, want die oorsaak is nie duidelik nie.

Hierdie is scenario's waarmee baie ouers kan identifiseer – en ons soek na alles behalwe die trauma wat deur kuberboeliery veroorsaak word, want dit is die onsigbare en alomteenwoordige "vyand".

Dan is daar die verdere kommer dat die strafregstelsel vrouens en kinders versaak.

Ondervinding het geleer dat die president, die minister van Justisie, die SAPD, die Nasionale Vervolgingsgesag en die howe slegs lippediens doen aan hul onderneming om sake van geslagsgebaseerde geweld en seksuele oortredings teenoor minderjariges te prioritiseer en met erns te benader.

Opvoeders word daagliks gekonfronteer met 'n verskeidenheid van uiteenlopende voorvalle wat die toepassing van die reg in skole noodsaak. Kuberboeliery is by verre die algemeenste en waarskynlik die moeilikste om te hanteer. Ons het nou al doeltreffende strategieë teen boelies ontwikkel, maar dié boelies is onsigbaar. Soos met enige wangedrag hanteer ons hierdie boeliery met dissiplinêre stappe. Dit is normaal om op die sanksie as 'n afskrikmiddel te fokus, maar ek meen dat die voorspelbaarheid van die "reg" die enigste ware afskrikkings- en voorkomingsmaatreëls is, wat 'n doeltreffende en langdurige impak op wangedrag kan hê.

Hierdie voorvalle vereis dissiplinêre aksie, en die enigste doeltreffende wyse om daarop te reageer is om te verseker dat die reg voorspelbaar is. Indien die reg voorspelbaar is, sal dit as voldoende afskrikmiddel dien. As iemand 'n misdryf pleeg, gaan daar vervolging wees en die skuldiges gaan aan die pen ry. Dit sal dan stop omdat daar 'n voorspelbare gevolg is. Dit sal ook valse beskuldigings verhoed en die beginsel van afskrikking bekragtig vir voornemende oortreders, want 'n voorspelbare sanksie is afskrikkingswaardig.

## 2.2 DIE REGTE VAN OPVOEDERS

Die tendens om kinderregte te verhef tot belangriker as die regte van opvoeders wek kommer. Sensasie en manipulasie van die media kalwe weg aan die belangrike rol wat opvoeders in die lewe van leerders speel – en móét speel. Daar word tereg opgemerk dat onderwys die professie is wat alle ander professies fundeer.

Die hoof en sy bestuur (insluitend die beheerliggaam) is verantwoordelik vir die skep van 'n omgewing waarin opvoeding doeltreffend kan geskied. Hulle is verantwoordelik vir die welstand van hul onderwysers. Onderwys is 'n professie en 'n beroep – nie 'n fase in die lewe van 'n opvoeder nie. Leerders verlaat die skool, maar onderwysers bly by die skool agter vir jare daarna. Die gemeenskap het 'n verantwoordelikheidsplig ten opsigte van hul opvoeders.

Daar word aanvaar dat leerders regte het, maar só vergeet ons dat opvoeders ook regte het. Die impak wat opvoeders op leerders het, kan nooit genoeg beklemtoon word nie. Die dissipline, toewyding en opofferings van onderwysers is baie moeilik om te begryp, maar tog is dit fundamenteel in die ontwikkeling van kinders. Dié besondere aspek het met verloop van tyd belangriker geword, hoewel die moderne persepsie is dat dit van mindere belang is.

Ek voer nie aan dat leerders se regte nie belangrik is nie, maar daar moet 'n balans wees tussen die regte van leerders en opvoeders. Die gedagte in George Orwell se boek *Animal Farm* dat "all animals are equal, but some animals are more equal than others" is tog nie 'n beginsel waarmee ons leerders wil opvoed nie.

**Opvoeders het onder meer die volgende regte ingevolge wetgewing:**

» die **Grondwet**
- die reg op gelykheid (artikel 9)
- die reg op menswaardigheid (artikel 10)

- die reg op vryheid van geloof (artikel 15)
- die reg op vryheid van assosiasie (artikel 18)
- die reg op billike arbeidspraktyk (artikel 23)
- die reg tot regverdige administratiewe aksies (artikel 33)

» die **Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998**, wat handel oor die lewering van diens en die optrede van opvoeders in die werksplek

» die **Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995**, wat onderwysers die reg gee om te staak

» die **Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996**, wat handel oor die funksionering van openbare skole, die inwerkingstelling van veiligheidsmaatreëls en hoe die gedrag van leerders gerig moet word in ooreenstemming met die gedrags- en dissiplinêre kode

» die **Strafproseswet 51 van 1977**, wat voorsiening maak vir die reg om te swyg en die reg tot regsverteenwoordiging

## 2.3 OPTREDE DEUR LEERDERS

Ongevraagde en onregverdige (soms strafbare) optrede van leerders kan lei tot onherstelbare skade aan opvoeders in hul persoonlike en professionele lewe. Gebrekkige ondersteuning en onkunde oor hul regte kan tot die vernietiging van hul loopbane lei.

Opsommenderwys bespreek ek die volgende:

» valse aantygings deur leerders oor opvoeders

» vrees of onkunde oor wat jou regte as opvoeder is

» die misbruik en gevare van sosiale media

'n Skool se gedragskode is uiters belangrik. Die gedragskode moet gepubliseer word, en ouers en leerders moet kennis neem van die inhoud. Die gedragskode moet onderteken word deur sowel ouers as leerders sodat hulle aanspreeklikheid kan aanvaar vir enige wangedrag en stappe wat daaruit kan voortvloei.

Ingevolge artikel 7 van die Kinderwet 75 van 2008 is kinders jonger as 12 jaar nie strafregtelik aanspreeklik nie. Die strafregtelike aanspreeklikheid van kinders tussen 12 en 14 jaar oud moet bewys word. Kinders ouer as 14 jaar is wel strafregtelik toerekeningsvatbaar. Hoewel kinders jonger as 14 jaar nie strafregtelik aanspreeklik is nie, is daar geen verbod om enige dissiplinêre stappe in te stel nie.
Die konsekwente toepassing van die dissiplinêre gedragskode met dieselfde gevolg is van uiterste belang. Die beheerliggaam en die hoof moet onwrikbaar dieselfde doelstelling nastreef en die hoof moet kan reken op die beheerliggaam se ondersteuning. Elke dissiplinêre verhoor moet regverdig wees en enige ernstige oortredings moet ooreenkomstig artikel 9 van die Skolewet hanteer word.

## 2.4 SOSIALE MEDIA EN DIE WET

Dit is baie belangrik dat ouers en kinders kennis neem van die werklike bepalings in wetgewing wat oor kubermisdade handel. Die doel van die wetgewing is om die stuur of publisering van skadelike elektroniese beelde of boodskappe tot 'n misdryf te verklaar, en die strafbepaling in die wette is 'n aanduiding van die erns van die tipe oortredings.
Twee wette handel oor sosiale media, naamlik die Wet op Kubermisdade 19 van 2020 en die Wet op Films en Publikasies 65 van 1996.

### 2.4.1 DIE WET OP KUBERMISDADE 19 VAN 2020

Die volgende definisies in terme van dié wet verduidelik die volgende begrippe:

» ''Openbaar'' ten opsigte van enige teksboodskappe beteken wanneer boodskappe of beelde gestuur word na 'n beoogde ontvanger, asook die stoor van die elektroniese kommunikasie waar dit afgelaai of gekopieer kan word.

» 'n ''Groep van persone'' beteken eienskappe wat 'n persoon kan identifiseer as 'n individu of lid van 'n groep. Eienskappe plaas geen beperking op byvoorbeeld ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, seksuele voorkeur, ouderdom, gestremdheid, godsdiens of taal nie.

» 'n ''Verwante persoon'' beteken enige lid van die familie of huishouding of enige persoon in 'n hegte verhouding.

» "Intieme beeld" beteken die uitbeelding van 'n persoon wat naak is, dié persoon se geslagsdele, anale area of borste, waar daar 'n redelike verwagting van privaatheid was tydens die vervaardiging van die boodskap op 'n wyse wat die seksuele integriteit of waardigheid van die persoon aantas, of vir seksuele uitbuiting.

» Laastens beteken ''geweld'' om iemand liggaamlike leed aan te doen.

Indien 'n persoon deur middel van elektroniese kommunikasie iemand aanhits of dreig om skade aan eiendom te veroorsaak of geweld teen 'n persoon of 'n groep persone te pleeg, is dié persoon aan 'n misdryf skuldig. Dit is ook 'n misdryf as 'n persoon teksboodskappe of intieme beelde openbaar met die doel om die persoon te identifiseer – ongeag of dié persoon se gesig op die beeld verskyn.

### 2.4.2 DIE WET OP FILMS EN PUBLIKASIES 65 VAN 1996

Ingevolge dié wet mag geen persoon 'n privaat seksuele foto of video vertoon sonder toestemming nie, as die bedoeling is om skade te berokken nie – selfs al het die ander persoon toestemming vir die video of foto gegee. Die verspreiding van beelde waar naaktheid soos die geslagsdele of anus vertoon word, is 'n misdryf en kinders en volwassenes kan aangekla word selfs al is die beeld van die persoon self. Indien die persoon onidentifiseerbaar is, is die straf R150 000 of gevangenisstraf van twee jaar; indien die persoon identifiseerbaar is, is R300 000 of gevangenisstraf van vier jaar.

## 2.5 HULPMIDDELS VIR OPVOEDERS

Opvoeders is weerloos teen enige vals aantygings van kinders. Dit is daarom belangrik om hulle te bemagtig deur die volgende hulpmiddele onder hulle aandag te bring wat hulle kan gebruik om hulself te beskerm.

- Opvoeders moet weet dat hulle daarop geregtig is om enige gesprek te kan opneem waarby hulle persoonlik 'n party is. Jy het niemand se toestemming nodig nie en dit is nie onwettig nie.
- Kringtelevisiekameras beskerm sowel die leerder as die opvoeder, en alhoewel die installasie daarvan baie duur is, kan dit baie ongeregtigheid in die toekoms uitskakel of oplos.
- Die Liverpool-sokkerspan se leuse is ook van kardinale belang: "Never walk alone." Sorg dat daar altyd 'n getuie teenwoordig is indien die moontlikheid bestaan dat daar 'n voorval of 'n gesprek kan plaasvind.

**Aristoteles het gesê:**
Want die mens, as hy vervolmaak is, is die beste van die diere, maar, wanneer hy van reg en geregtigheid geskei word, is hy die ergste van almal; omdat gewapende ongeregtigheid gevaarliker is en hy by geboorte met die wapens van intelligensie bewapen word, asook met morele eienskappe wat hy vir die ergste doelwitte kan aanwend. Daarom, gestroop van deug, is hy die onheiligste en wreedste van alle diere, en die meeste gevul met wellus en vraatsug. Maar geregtigheid is die saambind van mense in state, en die toedien van geregtigheid, wat die bepaler is van wat regverdig is, is die beginsel van orde in 'n politieke gemeenskap.



# DEEL 3: RAAD AAN OUERS EN ONDERWYSERS

*Deur Yolandi Singleton*

## 3.1 WEES 'N VOORBEELD

Ons lewe het tot so mate verander dat 'n mens bykans alle amptelike of administratiewe sake op jou selfoon kan doen. Mens kan kos bestel, aanlyn betalings maak, aanlyn speletjies speel, inligting opsoek, met ander kommunikeer, 'n onderneming bestuur en nog vele meer. Gevolglik veroorsaak dit dat kinders eerstehands by die volwassenes in hul lewe sien hoe afhanklik 'n mens daarvan geword het en alewig daaraan tyd afstaan. Dit is belangrik om tog 'n balans te kry en te voorkom dat daar nie 'n indruk by kinders geskep word dat dit persoonlike sosiale interaksie kan vervang nie.

## 3.2 KOMMUNIKASIE

» **'n Standvastige ouer/kind-verhouding en -vertroue is voorvereistes om gesprekke oor sosiale media en ander ongemaklike gesprekke te hê**
Jou kind gaan nie sommer vir jou of ander volwassenes luister as daar nie 'n goeie verhouding tussen julle is nie. Neem in ag dat kinders baie meer sal inkoop in wat jy sê as daar 'n verhouding is. Daarom moet jy as ouer deurgaans hard werk aan jou verhouding met jou kind deur gehaltetyd met hulle te bestee. Indien daar nie 'n noue band is nie, sal jou kind jou gesprek oor enige ernstige onderwerp as 'n preek sien.

» **Plaas jouself in jou kind se wêreld**
Kinders word groot met sosiale media en hul nuuskierigheid word geprikkel oor wat op enige skerm plaasvind, aangesien dit in kinders se behoefte vir sosiale interaksie voorsien. Die probleem is dat nie alle skerms tot enigiemand se sosiale ontwikkeling en emosionele intelligensie bydra nie. Jy moet egter begrip hê dat jou kind tog genot put uit skerms en wat daarop aangaan, veral omdat dit dopamien vrystel. Dopamien is 'n chemikalie wat in die brein vrygestel word wanneer 'n persoon genot beleef. Wanneer jou kind iets op 'n skerm kyk, skei hul brein dopamien af en hulle ervaar veral opwinding wanneer 'n selfoon se kennisgewingstoon 'n geluid maak. Daar is kinders en selfs volwassenes wat glo dat hulle hegte vriendskappe in stand kan hou deur slegs op selfone met mekaar te kommunikeer. Daar bestaan egter altyd die moontlikheid vir meer misverstande wanneer jy nie die ander persoon se nieverbale kommunikasie kan sien nie.

» **Hou 'n gesprek, nie 'n uittrapsessie nie**
Indien jy as ouer voel dat jou kind te veel tyd op die selfoon of aan ander digitale toestelle bestee, vermy die versoeking om hulle daaroor uit te trap of te manipuleer. Moet byvoorbeeld nie sê dat jy eensaam is omdat jou kind heeltyd op hul foon is nie. Om oormatige skermgebruik te voorkom moet daar gesprekke wees voordat jy 'n selfoon aan jou kind gee. Sit rustig en gesels daaroor en verduidelik dat jou kommentaar en bydraes daaroor van 'n goeie plek af kom en nie daarop gemik is om jou kind se genot te steel nie. Gesels verder oor die noodsaaklikheid daarvan om 'n balans in 'n mens se lewe te handhaaf.

» **Moenie 'n sterk gesigsuitdrukking of stemtoon hê nie**
Sodra jy enige ernstige gesprekke wil aanraak, is dit doeltreffender om 'n oop en toeganklike gesig en stemtoon te hê aangesien dit die deur vir jou kind oopmaak om verdere vrae aan jou te rig. As jy kwaai en strak gaan lyk en klink, sal jou kind nie die vrymoedigheid hê om moeilike vrae te vra nie. Met ander woorde, moenie té verbaas, té geskok of té veroordelend lyk nie, aangesien jou kind dan gaan voel dat jy geen moeilike gesprekke kan hanteer nie. Hulle gaan daarom eerder met hul vriende praat.

» **Lig positiewe en negatiewe uit**
Kinders moet hoor van die voor- en nadele van die gebruik van enige digitale toestelle. Vertel vir hulle byvoorbeeld dat sosiale media goed is vir 'n sakeonderneming se bemarking of om positiewe boodskappe te versprei wat ander kan inspireer. Dit help ook met navorsing vir take en om hul gunstelingmusiek op platforms soos Spotify te kry. Dit kan ongelukkig ook veroorsaak dat families mekaar afskeep of dat 'n mens verslaaf raak.

» **Leer jou kind om gebalanseerd te leef**
Leer jou kind om aandag te gee aan alle aspekte van hul lewe. Dit behels hul fisiese, emosionele, sosiale, intellektuele en geestelike ontwikkeling. Gesels met hulle so vroeg as wat hulle kan begryp dat dit belangrik is om tyd te bestee om hul liggame gesond te hou, byvoorbeeld deur

- » te oefen (fisies)
- » iets lekker te doen waarvan hulle hou, soos inkleur of lees (emosioneel)
- » saam met maats tyd te bestee deur te gesels of iets lekkers saam te doen (sosiaal)
- » vir hulself iets nuuts te leer, soos iets uit 'n boek (intellektueel)
- » Bybel te lees en tyd met God te spandeer (geestelik).

» **Verwelkom vrae oor gebruik van tegnologie**
Maak die deur vir jou kind oop om vrae oor digitale toestelle te vra. Verseker jou kind van die staanspoor af dat jy hulle nie sal oordeel nie en dat hulle jou enigiets kan vra. As jy nie die antwoord het nie, vind uit en sê vir jou kind dat jy met 'n antwoord na hulle toe sal terugkom.

## 3.3 BEPALINGS, VOORWAARDES EN VERANTWOORDELIKHEDE

» **’n Kind is nie eintlik gereed om alles te hanteer wat op ’n foon beskikbaar is nie**
Soos tyd aanstap, word ’n mens al hoe meer aan inhoud blootgestel soos wat dit beskikbaar word. Die inhoud wat nou op die internet is, is al ver gevorderd en daar is geen beperkings nie. Wanneer ons kinders se breinontwikkeling in ag neem, moet ons besef dat hulle nie daartoe in staat is om meer gevorderde inhoud in te neem, te begryp en korrek te interpreteer nie. Daarom moet hul blootstelling aan enige inhoud gefilter word.

» **’n Foon word nie net gegee nie**
Kinders koop tog nie hulle eie selfone nie, behalwe as hulle op 16-jarige ouderdom self kan begin werk en geld verdien. Selfs as jou kind sakgeld kry, is dit steeds jou geld wat jy vir hulle gee. As jou kind werkies in en om die huis vir ’n geldjie doen, moet jy verduidelik dat hulle geen digitale toestelle daarmee mag koop nie. Kinders het leiding nodig oor enige toestel – daarom moet die toestel aan jou as ouer behoort sodat jy die inhoud kan beheer. Voordat ’n selfoon of enige ander digitale toestelle aan die kind gegee word (al is dit ’n geskenk), moet daar eers ’n goeie gesprek daaroor plaasvind, soos die voor- en nadele daarvan (soos hierbo verduidelik), die gevare daaraan verbonde en die gesprek oor ’n gebalanseerde lewe. Dan ook: As jy jou kind ’n speletjie op jou selfoon laat speel of ’n storie daarop laat kyk, verseker dat daar geen manier is vir enige onvanpaste opwipboodskappe om te verskyn wat byvoorbeeld seksuele inhoud bevat nie.

» **Lê reëls en grense neer voordat enige digitale toestel oorhandig of gebruik mag word**
Verduidelik deeglik wat toegelaat word (byvoorbeeld wanneer hulle die selfoon mag gebruik) sodat enige misverstande uitgeskakel kan word en almal begryp wat van hulle verwag word. Kinders moet eerder vroeër as later weet wat die voorwaardes is wat betref die gebruik van digitale toestelle.

» **Noem van begin af dat skermtyd beheer sal word**
Dit is altyd beter om, nog voordat jou kind ’n selfoon kry, te verduidelik dat daar sekere tye sal wees wanneer dit gebruik kan word, ook op voorwaarde dat huistake en skoolhuiswerk afgehandel is. Dit is nie ’n reg nie, maar ’n voorreg.

» **Leer jou kind om sosiale media verantwoordelik te gebruik**
Kinders moet besef wat die voordele van sosiale media is – nie net dat jy baie volgers en aanhangers sal kry nie, maar ook dat ’n mens die geleentheid het om positiewe boodskappe uit te dra. Gesels eerlik met jou kind en noem dat jy wel bewus is van die negatiewe inhoud op die internet en dat jy verwag dat jou kind die gesin se waardestelsel moet onthou wanneer sosiale media gebruik word.

## 3.4 GEDRAG OP SOSIALE MEDIA

Ouers moet gesprekke met hul kinders hê oor hoe ’n mens jouself op sosiale media moet handhaaf. ’n Voorvereiste is ’n gesprek oor die gesin se waardes, aangesien dit die rigting van die gesprek sal bepaal. Ouers moet ’n waardestelsel vir hul gesin bepaal. Met kinders bo die ouderdom van 10 jaar, kan hulle ook gevra word om idees te gee vir die byvoeging van die gesin se waardestelsel. Gebruik die volgende vrae as ’n riglyn om die gesprek te begin:

» Wat kommunikeer jy aan die publiek?

» Watter foto’s of memes deel jy?

» Watter beeld skep jy van jouself, jou gesin en vriendekring daarbuite?

» Weerspieël dit jou waardestelsel?

Soos ons almal weet, is daar onbeperkte inhoud op die internet beskikbaar. Dié inhoud bevat egter nie altyd feitelike inligting nie. Dit het natuurlik al gebeur dat onware inhoud ’n massahisterie onder die publiek veroorsaak het. Daarom moet kinders geleer word dat hulle enige inhoud oordeelkundig moet deel. Gebruik die volgende punte om ’n bewustheid by kinders te kweek oor die deel of lees van inhoud:

» Is die inhoud op feite gebaseer?

» Is daar enige geloofwaardige bewyse wat hierdie inligting kan staaf?

» Is die inhoud slegs ’n gerug?

» Is die inhoud bloot iemand se mening?

Kinders moet daarvan bewus gemaak word dat daar ’n noemenswaardige verskil tussen feite, gerugte en menings is. Indien daar onsekerheid is of dit wel ’n feit is, moet ’n mens die versoeking weerstaan om dit te lees, glo en versprei.

## 3.5 IMPAK VAN DIE GEBRUIK VAN DIGITALE TOESTELLE OP DIE ENKELING EN GESIN

Dit is belangrik om weer eens te onthou om kinders aan te moedig om balans in hulle lewe te handhaaf. Herinner kinders daaraan dat almal se lewens uit meer as een aspek bestaan. Die gebruik van digitale toestelle dra min tot geen positiewe uitkoms tot die algemene ontwikkeling van 'n persoon by nie. Dit verskaf wel vermaak, wat positief is omdat dit 'n mens kan help om te ontspan. Die lewe bestaan egter nie slegs daaruit om altyd vermaak te word nie. Daar is 'n tyd en plek vir alles. Onthou weer eens dat ons nie kinders heeltemal van digitale toestelle af wil weghou nie, maar hulle eerder wil aanspoor om dit binne grense en oordeelkundig te gebruik. Die volgende is areas wat egter daaronder ly:

» **Swak sosiale vaardighede**
Die aanhoudende en oormatige gebruik van digitale toestelle met min direkte interaksie met ander veroorsaak dat 'n mens se kommunikasievermoë verswak, insluitend die aanleer van nieverbale tekens in kommunikasie as geheel. Met baie aanlyn speletjies word daar met ander gepraat, maar dit is egter nie genoeg om kommunikasie as vaardigheid te bemeester nie. 'n Deel van kommunikasie is om in persoon by iemand te wees en liggaamstaal te lees. Om slegs iemand se stem te hoor maak steeds die deur oop vir misverstande. Verder het dit 'n negatiewe impak op baie kinders se spraakvaardighede, aangesien hulle weens die gebruik van toestelle minder verbaal kommunikeer.

» **Verslawing**
Die afskei van dopamien tydens die gebruik van die meeste digitale toestelle lei dikwels tot verslawing. Dit is wanneer mense 'n ongesonde verhouding met hul digitale toestelle ontwikkel. Dit is ook waarom kinders oorreageer wanneer toestelle van hulle af weggeneem word, veral as daar nie vooraf oor die voorwaardes van die gebruik daarvan gekommunikeer is nie.

» **Verhoudings ly daaronder**
Weens die gebrek aan sosiale vaardighede en verslawing wat soms ontwikkel, is verhoudings met jou naastes een van die eerste aspekte wat daaronder ly. Baie mense in enige vorm van 'n verhouding neem dikwels aanstoot as hulle voel dat 'n selfoon of speletjies belangriker is as om gehaltetyd met hulle te spandeer. Geen verhouding kan groei sonder direkte interaksie en kommunikasie nie. Verhoudings wat ook meestal deur middel van digitale toestelle begin en in stand gehou word, loop die risiko om later met groot misverstande gekonfronteer te word. Daarom is dit belangrik om moeite te doen om te verseker dat jy ingelig is oor waaruit jou kind se leefwêreld bestaan deur opreg daarin belangstelling te toon. Wees teenwoordig en bêre die toestelle wanneer gehaltetyd bestee word. Kinders is ongelukkig meer geneig om hulle skuldig te maak aan pornografie as hulle nie 'n diep verbintenis met hul naastes beleef nie.

## 3.6 WAT DOEN EK AS KINDERS HUL SKULDIG MAAK AAN PORNOGRAFIE?

### 3.6.1 OUERS EN ONDERWYSERS

**'n Paar goue reëls:**

1. Kalmeer eers voordat jy dit aanraak. As die kind jou histeries aantref, skep jy die indruk by die kind dat jy nie moeilike situasies kan beheer nie en hulle nie deur uitdagende tye sal kan dra nie.
2. Dit doen meer skade om die kind dadelik te konfronteer.
3. As jy dit as "duiwels" gaan beskou, word dit agter jou rug gedoen. Gebruik eerder die verduideliking dat dit nie binne ons gesin se waardestelsel val nie.
4. Moenie die kind voor ander mense daaroor konfronteer nie.
5. Kry jou skaam en vernederende gesigsuitdrukking en stemtoon onder beheer. As jy nie gereed voel om dit aan te spreek nie, wag eers 'n rukkie totdat jy gereed voel, of vra 'n kundige vir leiding.
6. Onthou dat die blootstelling aan pornografie ook kan lei tot ontoepaslike seksuele spel met ander maats, asook masturbasie.

**Bykomende goue reëls vir ouers:**

1. Vra jouself af of daar 'n goeie waardestelsel in plek is waarvan jou kind ook bewus is. Indien nie, maak 'n daadwerklike plan om dit in plek te sit.
2. Praat privaat met jou kind hieroor – rustig en veilig tuis.
3. Moenie die skool betrek as dit nie op die skool se perseel gebeur het nie, al ken die kinders mekaar van skool af. Daar kan wel egter gepoog word om deur middel van die skool in kontak te tree met die ander kind(ers) se ouers om die saak apart te bespreek.

## 3.7 WAT DOEN EK AS EK UITVIND VAN OF OP 'N KIND AFKOM WAT PORNOGRAFIE KYK, VERVAARDIG, BESIT OF VERSPREI?

### 3.7.1 OUERS

**Jy moet die volgende stappe in hierdie volgorde doen:**

1. **Word eers kalm.** Vermy die versoeking om dadelik en sterk te reageer.
2. **Verseker die kind dat jy hom/haar nie veroordeel, of kwaad of sleg van hulle dink nie.** Hier moet jy op jou gesigsuitdrukking en stemtoon let.
3. **Normaliseer die gedrag.** Dit beteken nie dat jy hierdie gedrag goedpraat of dit aanmoedig nie. Jy dui bloot aan dat dit normaal is om nuuskierig te wees oor die liggaam en alles wat daarmee gepaardgaan. Gebruik byvoorbeeld die volgende sin: "Ek het gesien/gehoor dat jy na foto's en video's gekyk het wat seksuele goed op het. Ek wil graag hê jy moet weet dat ek verstaan dat dit opwindend kan wees en dat jy nuuskierig daaroor is."
4. **Neem die kind na 'n aparte vertrek waar julle privaat kan gesels.** Gebruik byvoorbeeld die volgende sin: "Kom ons gaan gou na 'n ander kamer toe, waar ons alleen en rustig daaroor kan gesels."
5. **Verseker die kind weer eens dat jy nie oordeel, kwaad of sleg dink nie.** Noem aan die kind dat jy wel dink dit is belangrik om hieroor te gesels. Laat weet die kind dat jy bewus is van die goed wat hy op die foon kyk, gemaak, afgelaai of versprei het. In die geval van masturbasie kan jy aandui dat jy bewus is dat die kind met hul penis of vagina gespeel het.
6. **Maak die weg oop vir vrae.**
   "Is daar enigiets wat jy my graag daaroor wil vra?"
   "Is daar iets waaroor jy wonder? Enige iets oor wat presies jy gesien of gehoor het?"
   "Jy hoef nie bang te wees om te vra nie, ons kan ons beste probeer."
   Moenie voel dat jy dadelik 'n antwoord moet gee as jy nie iets weet nie. As jy nie weet nie, sê so en sê dat jy daaroor sal gaan uitvind.
7. **Lê grense neer**
   "Al is dit interessant en opwindend om na pornografie te kyk, dit te maak, te hou en aan te stuur, is dit nie iets wat 'n mens met ander deel nie. Ons liggame is privaat en ons moet ook ander se privaatheid van hul liggame respekteer, al respekteer hulle nie self hul eie liggame nie. Daar is in elk geval wette daaroor, wat baie duidelik daaroor is dat 'n mens daaroor gestraf kan word en krimineel aangekla kan word. Baie mense is al daarvoor gevang. As jy wel oor enige iets wonder rondom enige iets van 'n seksuele aard, kom praat eerder met my. Ek belowe om nie kwaad te raak en jou te oordeel nie, ek wil jou dan net help om alles mooi te verstaan."

**Let wel: As jou kind hierna dit steeds herhaaldelik en bykans obsessief doen – selfs nadat jy grense gestel het – is dit rede om bekommerd te wees en professionele hulp in te win.**

### 3.7.2 ONDERWYSERS/SKOOLSTELSEL

Skole kan inligting oor pornografie en die wetlike aspekte daaroor as deel van lewensoriëntering of op 'n ander platform bespreek. Aangesien dit 'n probleem is wat nou meer dikwels by skole voorkom, kan dit deel vorm van die dissiplinêre kode van die skool. Daar moet egter 'n aksieplan of -protokol opgestel word oor hoe dit regdeur deur die skool se bestuur hanteer sal word, veral omdat daar wetlike aspekte is wat in ag geneem moet word. Win gerus die kundigheid van byvoorbeeld 'n maatskaplike werker in om so 'n aksieplan of protokol op te stel.

Dit is belangrik dat enige pornografievoorval by minderjarige kinders in konteks gesien moet word. Daarom is dit uiters belangrik om maatskaplike werkers by die saak te betrek wanneer kinders met pornografie gevang word. Dit gebeur ongelukkig dikwels dat kinders wat seksueel misbruik word skielik 'n hoër belangstelling in seksuele inhoud toon omdat hulle nou meer seksueel geprikkel is. Pornografie word baie keer deur seksuele oortreders gebruik as deel van hul hofmakery teenoor die kind, met die uitsluitlike doel om eendag seksueel met die kind te verkeer.

**Wat om te doen as jy pornografie op 'n kind se foon kry:**

1. **Word eers kalm.** Vermy die versoeking om dadelik en sterk te reageer.
2. **Konfiskeer die selfoon.** Verduidelik aan die kind dat dit teen die skoolreëls en waardestelsel is en dit voorts deur 'n maatskaplike werker en moontlik ook die SAPD gehanteer sal moet word. Verduidelik dat die skool verplig is om dit aan te meld omdat dit 'n misdaad is.
3. **Kontak die ouers.** Lig die ouers in dat pornografie in hul kind se besit gevind is en reël 'n afspraak om dit te bespreek. Stel die ouers ook in kennis dat die saak weens wetlike aspekte aan 'n maatskaplike werker en die SAPD oorhandig sal word vir verdere ondersoek.
4. **Volg op met die maatskaplike werker oor die ondersoek.** Win inligting in oor die aard van die saak en hoe lank dit sal duur sodat die inligting vanuit die ondersoek tydens die dissiplinêre verhoor by die skool in ag geneem sal word.
5. **Konsulteer met die maatskaplike werker en die SAPD oor verdere aksie.** Gaan steeds voort om 'n dissiplinêre verhoor te reël. Volg met die maatskaplike werker en SAPD op om te help bepaal of die saak moontlik 'n kinderbeskermingsroete sal moet loop en of moontlike dissiplinêre stappe in plek gesit sal moet word.
6. **Evalueer die erns van die saak saam met die maatskaplike werker en die SAPD om te besluit oor moontlik tydelike skorsing**

of dat die kind na ’n maatskaplike werker of sielkundige verwys moet word.** Indien die pornografie daartoe gelei het dat seksuele aksies op ’n gewelddadige wyse ook op die skoolgrond plaasgevind het, moet dit oorweeg word om die beweerde oortreder dalk tydelik te skors, veral as die persoon geen berou toon nie. Dit moet egter geskied op voorwaarde dat die kind en gesin berading by ’n maatskaplike werker of sielkundige kry. Indien die kind berou toon en nie ’n direkte gevaar vir die ander leerders op die skoolgronde is nie, kan die kind op die skoolgronde bly onder die toesig en behandeling van ’n maatskaplike werker of sielkundige.

7. **Verseker dat die kind vaardighede aanleer, deur middel van die ingryping van die maatskaplike werker of sielkundige, om die kind te help om pornografie as versoeking te voorkom.** Die ouers moet hier betrek word en saam met die kind daardeur werk en wenke inwin oor hoe om die kind verder te hanteer.

## 3.8 MOONTLIKE TEKENS VAN BLOOTSTELLING AAN PORNOGRAFIE

(Let daarop dat hierdie tekens ook ’n aanduiding van seksuele misbruik of ander vorme van trauma kan wees!)

- ’n aanhoudende en geforseerde gevat aan ander kinders se geslagsdele
- ’n aanhoudende afloer of pornografiese belangstelling.
- enige penetrasie met enige geslagsdeel of oraal, gemik op geslagsdele van ander (persoon, speelpop, dier)
- ’n aanhoudende en geforseerde seksuele spel of masturbasie, selfs nadat grense deur onderwysers en/of ouers neergelê is
- seksuele spel met ’n kind 2 jaar ouer of 3 jaar jonger
- hoë belangstelling in seksuele temas of seksueel aggressiewe gedrag
- ouderdomsontoepaslike seksuele kennis
- obsessiewe masturbasie
- die voorkoms van seksuele voorspel met speelpoppe of ander voorwerpe, insluitend diere

**Let wel: As hierdie tekens by ’n kind voorkom, moet professionele advies verkry word van ’n maatskaplike werker of sielkundige, wat verder kan adviseer of die kind vir terapie kan verwys.**



# DEEL 4: DIE KUBERRUIMTE EN KUBERVEILIGHEID

*Deur proff. Basie von Solms en Elmarie Kritzinger*

## 4.1 PASOP VIR DIE GEVOLGE VAN KUBERBOELIERY!

Almal van ons is van ons skooldae af al gewoond aan die konsep van boelies en mense wat geboelie word. Die ontwikkeling van sosiale netwerke het boeliery egter tot op ’n nuwe vlak laat styg: kuberboeliery. Nou pootjie jy nie net meer iemand op die skoolgrond nie – jy stuur vir dié persoon ’n boodskap of video wat hul waardigheid op die een of ander wyse aantas; jy dreig of intimideer die persoon; of bring die persoon in die verleentheid. Dis baie makliker as om die persoon fisies te pootjie, want dit kan (skynbaar) anoniem gedoen word met die (onware) aanvaarding dat niemand sal weet wie dit gestuur het nie. Suid-Afrika het egter die afgelope aantal jare ’n aantal wette op die wetboek geplaas wat baie groot probleme vir sulke kuberboelies (en hul ouers) kan veroorsaak. Dié wette aanvaar elkeen dat enige kind tussen die ouderdom van 11 en 18 jaar wetlik aanspreeklik gehou kan word vir sulke dade. Verder het die forensiese kuberwetenskap só ontwikkel dat dit nie meer baie moeilik is om die skuldige op te spoor nie, wat dan tot regsaksie kan lei – óf teen die betrokke kind, óf die ouers, óf teen sowel die kind as die ouers.

Ouers van kinders wat aan sodanige kuberboeliery blootgestel word, kan namens die kind siviele regsaksies instel vir onder meer *crimen injuria*, teistering of haatspraak, afhangende van die situasie. Kuberboelies wat skuldig bevind word, kan moontlik ’n misdaadrekord kry, wat vir die res van hul lewe soos ’n meulsteen om hul nekke sal hang.

Ouers, grootouers, onderwysers en almal wat in enige tipe gesagsposisie is, moet die boodskap duidelik help oordra. As jy op enige wyse aan kuberboeliery deelneem, kan jy dit berou, want jy kan vir die res van jou lewe met ’n misdaadrekord opgesaal word wat baie deure vir jou gaan toemaak.

Moenie ’n kans vat nie – jy gáán uitgevang word!

## 4.2 ONS DIGITALE LEWE – DIE KUBERRUIMTE

Tegnologie is deesdae onlosmaaklik deel van die alledaagse lewe. Ons gebruik die internet (die digitale omgewing) al meer en meer vir werk, om onsself op te voed (onderwys) en om te sosialiseer. Vir baie van ons is die kuberruimte nie meer ’n luukse nie, maar ’n noodsaaklikheid. Die kuberruimte is deel van kinders se lewe en alle ouers moet seker maak hulle kinders begryp die kuberruimte en die gevolge as iets verkeerd loop. Dit is belangrik dat alle kubergebruikers moet weet hoe om hulself en hul persoonlike inligting te beskerm. Daarom moet hulle bewus wees van alle moontlike gevare wanneer hulle kubertoestelle soos rekenaars en selfone gebruik.


Ons is vinnig besig om die kubergenerasie te word. Die doel van die bewusmaking van kubersekuriteit is om alle kubergebruikers (ouers, leerders en opvoeders) oor kubersekuriteit in te lig wanneer hulle die internet op hul selfone of rekenaars gebruik. Ons hoop dat hierdie inligting Suid-Afrikaners meer bewus sal maak van kubersekuriteit en sal help om die tegnologie beter te verstaan en veilig te gebruik. Skoolkinders kan enige plek digitaal afgeknou word. Dit kan 24 uur, sewe dae per week gebeur – en baie keer weet die ouers nie dat hul kinders geïntimideer word nie. Hierdie kubereuwel word by die dag al hoe erger en kinders begin daaronder ly. Ouers moet vir kinders leer dat presies dieselfde reëls, waarvolgens ’n mens elke dag hoflik teenoor ander optree, ook aanlyn geld. Kuberintimidasie en kuberboeliery kan kinders baie weerloos en eensaam laat voel. Ouers moet betrokke wees, met kinders praat en bewus wees van wat op die digitale ruimte van hul kinders gebeur.

Besoek ook gerus die webtuiste **www.cyberaware.co.za** vir meer inligting.

## 4.3 VIR LEERDERS

Dit is belangrik om veilig in die kuberruimte te bly! Hoe doen ons dit?
Ons moet weet wat die volgende drie punte behels:[51]

1. **Digitale voetspoor**
   Elke keer as jy besluit om aktief in die kuberruimte te wees, laat jy ’n dataspoor of digitale voetspoor van jou aktiwiteite na. Dit beteken dat enige aktiwiteit wat jy aanlyn doen vir altyd daar sal wees. Dit sluit alles op die internet oor jou in, soos



   - foto’s of video’s van jouself;
   - sosialemediaprofiele; en
   - enige inligting wat jy op sosiale media of op webtuistes plaas.

   ’n Digitale voetspoor kan handig gebruik word, juis om jou vriende aanlyn op te spoor of om nuwe vriende in die kuberruim te ontmoet. Soos wanneer jy op die strand loop en voetspore agterlaat, gebeur dieselfde wanneer jy spore in die kuberruim laat. Dit bly egter altyd daar en dit is altyd sigbaar. Dit beteken ook dat jy ’n teiken kan word vir kubermisdadigers of kuberboelies. Met die druk van een knoppie kan jy baie inligting op die internet kry!

**Baie belangrik:** Jy moet altyd bewus wees van jou digitale voetspoor! Dit is belangrik dat jy hierdie voetspoor skoon hou, want as jy dit nie doen nie, kan vreemdelinge baie inligting van jou insamel en jou só leer ken sonder dat hulle jou eers persoonlik ontmoet het. Jy moet ook seker maak dat die inligting wat jy op die internet plaas nie teen jou gebruik kan word nie.

[51] Kritzinger, E. 2022. *Kuberveiligheidbewustheidsgids: Deel van die kuberveiligheidbewustheidhulpmiddels vir leerders.* Pretoria: Unisa.

2. **Kuberrisiko's en -bedreigings**
Daar is baie mense wat die kuberruimte gebruik en nie daarvan bewus is dat dit soveel bedreigings en risiko's vir hulle kan inhou nie – dinge wat hulle teikens van kubermisdadigers en kuberboelies maak.

'n **Risiko** is wanneer iemand aan gevaar blootgestel word. Wanneer jy in die kuberruimte beweeg, loop jy die gevaar of die risiko om 'n slagoffer van kubermisdadigers en -boelies te word. Hoewel die internet baie negatiewe dinge inhou, is daar ook baie positiewe dinge wat dit vir ons bied, maar ons moet altyd versigtig wees hoe ons dit gebruik. Ons kan immers nie bang wees en ophou leef as ons in gevaar vasloop nie. Deur risiko's te erken en deur onsself te beskerm, kan ons veilig in die kuberruimte beweeg. Ons moet ook ons ouers of 'n volwassene wat ons vertrou vra vir hulp en om 'n ogie oor ons sosialemediaprofiele te hou. Voorbeelde van gevare in die kuberruim is gratis aanbiedings of gratis inhoud wat baie maal 'n lokval vir een of ander internetvirus of kubermisdadiger is.

'n **Bedreiging** is wanneer daar 'n kans is dat jy op verskeie maniere benadeel kan word. Hierdie gedrag is met opset en die doel daarvan is om jou seer te maak; dit is nie per ongeluk nie. Belangrik om te onthou: Jy is in beheer! Jy kan óf kuberslim wees, óf jy kan kies om jouself in 'n gevaarlike situasie te plaas deur veiligheidsmaatreëls of waarskuwingstekens te ignoreer. 'n Voorbeeld van 'n bedreiging is wanneer jou privaatheidverstelling op "publiek" gestel is. Dit beteken dat almal jou profiel kan sien – selfs vreemdelinge. Dit is ook die perfekte geleentheid vir kuberboelies en kubermisdadigers om jou persoonlike inligting te steel of om jou 'n teiken van seksuele misdadigers te maak.

3. **Aanlyn privaatheid**
Vra jouself die volgende vrae: Sal jy 'n vreemdeling van al jou diepste geheime en drome vertel? Sal jy vir 'n vreemdeling jou persoonlike inligting soos jou ID-nommer of jou adres gee?

Die antwoord is natuurlik: NEE! Hoekom? Want dit is gevaarlik! Nou waarom sal jy dan jou persoonlike inligting aanlyn wil deel? Dit is nooit 'n goeie idee nie.


As jou persoonlike inligting in die kuberruim is, sal jy die perfekte teiken vir kuberboelies en kubermisdadigers wees. Beskerm jouself deur gebruik te maak van jou eie sekuriteitsleutel (soos 'n goeie wagwoord) wat só ingewikkeld is dat slegs jy en jou ouers beheer oor jou veiligheid het!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Besluit dat jou inligting geklassifiseerd is. | Kubermisdadigers verkoop jou inligting of gebruik dit vir misdaad. | Hou jou wagwoord 'n geheim (selfs vir jou maats). | Beskerm jou inligting en wees versigtig teen wanware. | "Gratis inhoud" en "gratis webtuistes" is gewoonlik lokvalle. | Moenie e-posse oopmaak as jy nie die afsender ken nie. |




## 4.4 AKTIWITEIT:[52]


1. Sny die vierkant uit.
2. Vou een hoek oor na sy teenoorstaande hoek om ’n driehoek te vorm.
3. Vou weer een hoek na ’n ander om ’n kleiner driehoek te vorm.
4. Vou oop.
5. Vou die vier hoeke in na die middel van die vierkant.
6. Keer die papier om.
7. Vou die vier hoeke in na die middel van die vierkant.
8. Druk die vierkant se vier hoeke na mekaar toe en steek van onder af vier (4) vingers in die waarsêertjie se vier sakke.




[53]

[52] Kritzinger, E. & Von Solms, B. 2022. Werkboek vir die bewustheid van kubersekuriteit. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Akademiese Bond vir Kubersekuriteit.
[53] Kritzinger, E. & Von Solms, B. 2022. Werkboek vir die bewustheid van kubersekuriteit. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Akademiese Bond vir Kubersekuriteit.


Wat van eet, my kind?
Samantha: Jy lyk soos 'n tert met 'n pynappelkop en bossiehare.
Natasha: Moenie jouself seermaak nie, ek kan help.
Natasha: Wow! Jy lyk so cool!
Klara: Dis nie wat almal sê nie!
Natasha: So, wat sê hulle?
Klara: Ek het 'n pynappelkop met bossiehare!
Natasha: Ag, hulle is net jaloers. Stuur my net jou nommer, dan wys ek jou 'n paar goed.
Natasha: Net so 'n paar mooi stukkies wys en jy's amper Mejuffrou Wêreld!
Natasha: Wow! Vat daai paal en dans, cool kid! Nou kan die wêreld sien wat is rêrig mooi! En jy kan sommer 'n model word.


Nou hoe het jy by die mense uitgekom, Klara? Ek dink ons moet vinnig hulp kry.
Ja, ons gaan hom vastrek, maar al hierdie foto's is nou oor al die netwerke versprei.
Ongelukkig gebeur dit as jy met vreemdes kontak maak.
Maar dit was 'n meisie wat wou help.
Dis wat hy jou wou laat dink. Dit was 'n skelm kindermolesteerder wat agter haar gesig geskuil het.
Ek gaan sommer na 'n ander skool toe!
Dit gaan nie help nie. Jou gesig is oral op die netwerke.
Ek gaan jou foon moet vat vir die ondersoek.
Jy het reg opgetree deur hulp te soek. Ons gaan doen wat ons kan.
Foto's en inligting word binne minute oor die netwerke heen versprei. En dit kan nie uitgewis word nie. Onthou net altyd: WAT TE GOED KLINK OM WAAR TE WEES, IS NIE WAAR NIE. Beskerm jou privaatheid, want as dit eers weg is, is dit nie meer privaat nie.
Vir elkeen wat deur die gereg vasgetrap word, is daar honderde ander booswigte wat die netwerke beloer vir slagoffers. Wees versigtig.
Teks deur Pieter Delport
Skets deur Thomas Snyman

